# DIE ROL VAN PLAASLIKE REGERINGS MET BETREKKING TOT "*LOCAL AGENDA 21*"

Verhandeling voorgelê ter voldoening aan die vereistes voorgeskryf vir die graad Magister Legum aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

deur

J M Marx

Studieleier: Prof T E Scheepers

Oktober 2003

INHOUDSOPGAWE


1. **Inleiding** ........ 2-7

2. **Agenda 21 en "Plaaslike Agenda 21"** ........ 9
2.1 Inleiding ........ 9
2.2 Totstandkoming van Agenda 21 ........ 9-10
2.3 Inhoud van Agenda 21 ........ 10-15
2.4 Rol van internasionale instrumente ........ 15
2.4.1 *United Nations Environment Program* ........ 15
2.4.2 *United Nations Conference on the Environment and Development* ........ 16
2.4.3 *United Nations Law of the Sea Convention* ........ 16
2.4.4 *International Maritime Orginasation* ........ 16
2.4.5 *World Health Organisation* ........ 17
2.4.6 *United Nations Commission on Human Rights* ........ 17
2.4.7 *International Atomic Energy Agency* ........ 17-18
2.5 Gevolgtrekking ........ 18-19

3. **Hedendaagse omgewingsknelpunte** ........ 21
3.1 Inleiding ........ 21-22
3.2 Kritiese omgewingsknelpunte ........ 22
3.2.1 Osoon ........ 22
3.2.2 Groenhuiseffek ........ 23
3.2.3 Globale verwarming ........ 23-24
3.2.4 Woude ........ 24
3.2.5 Tropiese woude ........ 24
3.2.6 Bevolkingsontploffing ........ 25
3.2.7 Omgewingsbesoedeling ........ 25
3.3 Stelsels wat deur omgewingsknelpunte benadeel word ........ 26
3.3.1 Oseane ........ 26-27
3.3.2 Atmosfeer ........ 27-29
3.3.3 Lewende hulpbronne ........ 29-30
3.4 Gevolgtrekking ........ 30-32

4. **Sosiale begrensings wat die omgewingsreg omskryf** ........ 34
4.1 Inleiding ........ 34
4.2 Handel ........ 34-37
4.3 Energie ........ 37-38
4.4 Menseregte ........ 38-39
4.5 Toekomstige uitdagings ........ 39
4.6 Gevolgtrekking ........ 39-40

5 **Plaaslike regerings in Suid-Afrika** ........ 42
5.1 Inleiding ........ 42
5.2 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996 ........ 42
5.2.1 Plaaslike regerings ........ 42-45

5.2.2 Sosio-ekonomiese regte ten opsigte van die omgewing.........................45-47
5.2.3 *Wet op Plaaslike Regerings: Munisipale Strukture* 117 van 1998..............47-51
5.2.4 *Wet op Plaaslike Regerings: Munisipale Stelsels* 32 van 2000.............. 51-55
5.3 Suid-Afrikaanse wetgewing rakende die omgewing..............................55
5.3.1 *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998............................55-59
5.3.2 *Wet op Lewende Mariene Hulpbronne* 18 van 1998..............................69-65
5.3.3 *Wet op die Bewaring van Landbou Hulpbronne* 43 van 1983..................65-67
5.3.4 *Nasionale Waterwet* 36 van 1998..................................................67-72
5.3.5 *Wet op Waterdienste* 108 van 1997................................................72-73
5.3.6 *Nasionale Wet op Bosse* 84 van 1998..............................................73-76
5.3.7 *Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande* 101 van 1998.......................... 76-78
5.3.8 *Meergebiede-ontwikkelingswet* 39 van1975.......................................78-79
5.3.9 *Behuisingswet* 107 van 1997........................................................79-80
5.4 Omgewingsimpakstudies..............................................................80-81
5.5 Gevolgtrekking..........................................................................81-82

**6. Toepassing van "Plaaslike Agenda 21" op munisipale vlak**.....................84
6.1 Inleiding ..............................................................................84-85
6.1.1 Durban Metropool.....................................................................85-86
6.1.2 Kaap Metropool........................................................................86-89
6.1.3 Pretoria Metropool....................................................................89-90
6.1.4 Stad van Johannesburg...............................................................91-93
6.1.5 Voorbeelde van bevordering van volhoubare ontwikkeling op plaaslike vlak.....93
6.1.5.1 Garies....................................................................................93
6.1.5.2 Thumahole..............................................................................93
6.1.5.3 Marabastad..............................................................................94
6.1.5.4 Midrand..................................................................................94
6.1.5.5 Kimberley...............................................................................94-95
6.1.5.6 Wilde Kus...............................................................................95
6.2 Gevolgtrekking.......................................................................... 96-97

**7. Samevatting en gevolgtrekking**..................................................99-103

Bibliografie..................................................................................104-107

## LYS VAN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| CITES | Convention on the Trade of Endangered Species |
| CUP | Comprehensive Urban Plan |
| DMA | Durban Metropolitaanse Area |
| EIA | Omgewingsimpakstudie (Environmental Impact Asessment) |
| FAO | Food and Agriculture Organisation |
| HOP | Heropbou en Ontwikkelingsprogram |
| IAEA | International Atomic Energy Agency |
| ICLEI | International Council for Local Environmental Initiatives |
| IDP | Integrated Development Programme |
| IMEP | Integrated Metropolitan Environmental Program |
| IMO | International Maritime Organisation |
| IULA | International Union of Local Authorities |
| KMG | Kaapse Metropolitaanse Gebied |
| LADA | Meergebiede-ontwikkelingswet (Lake Areas Development Act) |

| | |
|---|---|
| LDO | Land Development Objectives |
| MLRA | Wet op Lewende Mariene Hulpbronne (Marine Living Resources Act) |
| NEMA | Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (National Environmental Management Act) |
| NFA | Nasionale Wet op Bosse (National Forests Act) |
| NVFFA | Nasionale Wet op Veld en Bosbrande (National Veld and Forest Fires Act) |
| NWA | Nasionale Waterwet (National Water Act) |
| NWMS | National Waste Management Strategy |
| SIDA | Swedish International Development Agency |
| SOE | State of the Environment |
| UNCED | United Nations Conference on the Environment and Development |
| UNCLOS | United Nations Law of the Sea Convention |
| UNEP | United Nations Environment Program |

| | |
|---|---|
| UNESCO | United Nations Educational, Scientific and Cultural Orginisation |
| UNCHR | United Nations Commission on Human Rights |
| WHO | World Health Organisation |

Riviere mond uit in 'n riool-
oseaan, perdjies met blink
gekamde olieswart kuiwe
en skuimende rasende bekke
slaan dood neer, gevrekte visse
en voëls soos skulpe uitgespoel
op die strande, sing die swanesang
van 'n verlore paradys- gestorwe
planeet gemaak
met mensehande!

Eveleen Castelyn[1]

[1] Marais (red)*Groen* 13.

# Hoofstuk 1

## 1.1 Inleiding

Die doel van hierdie verhandeling is om die rol van plaaslike owerhede met betrekking tot volhoubare ontwikkeling te illustreer. Die bespreking word gedoen aan die hand van Agenda 21, internasionale konvensies, Suid-Afrikaanse wetgewing, asook die projekte wat reeds deur plaaslike regerings in Suid-Afrika geloods is ten einde Agenda 21 beginsels te verwesenlik.

In hoofstuk 2 word Agenda 21, "Plaaslike Agenda 21" en *Local Action 21* bespreek asook die rol wat internasionale instrumente speel in die omgewingsreg soos byvoorbeeld *United Nations Environment Program, United Nations Conference on the Environment and Development, World Health Orginasation* en vele ander.[2]

In hoofstuk 3 word die omgewingsknelpunte[3] aan die hand van moontlike oplossings en voorkomingsmaatreëls bespreek. Stelsels[4] wat deur die omgewingsreg ingesluit word is oseane, die atmosfeer en lewende hulpbronne[5] en word in hoofstuk 4 van hierdie verhandeling meer breedvoerig bespreek. Sekere aktiwiteite en sektore in die samelewing het 'n nadelige uitwerking op die omgewing, gewoonlik op 'n deurlopende, onopsetlike, maar voorkombare wyse. Hierdie sektore sluit handel, energie, menseregte en toekomstige ontwikkeling in.[6]

Die rol van plaaslike regerings word in hoofstuk 5 bespreek aan die hand van die *Grondwet*[7] Suid-Afrikaanse wetgewing. Hoofstuk 6 bespreek die projekte en aktiwiteite waarmee sekere plaaslike regerings in Suid-Afrika reeds begin het om aan Agenda 21-beginsels te voldoen deur *IDPs* (*Integrated Development Programmes*) en ander

[2] Sien hoofstuk 2.
[3] Sien hoofstuk 3.
[4] Sien hoofstuk 4.
[5] Sien hoofstuk 4.
[6] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxx.
[7] *Gronwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996.

projekte om sodoende aan *Agenda 21* beginsels op plaaslike vlak te voldoen op 'n wyse wat uniek is aan die behoeftes van elke jurisduksie gebied.

> When the century began, neither human numbers nor technology had the power to radically alter planetary systems. As the century closes, not only do vastly increased human numbers and their activities have the power, but major, unintended changes are occurring in the athmosphere, in soils, in waters, among plants and animals, and in the relationships among all of these. The rate of change is outstripping the ability of scientific disciplines and our current capabilities to assess and advice. It is frustrating the attempts of political and economic institutions, which evolve in a different, more fragmented world, to adapt and cope. It deeply worries many people who are seeking ways to place those concerns on the political agendas.[8]

Bogemelde is die visie van die Brundtland kommissie. Die Brundlant kommissie is op 19 Desember 1983 in die lewe geroep as die *World Comission on Environment and Development*[9] met Gro Harlem Brundlant as die voorsitter.[10] *WCED* het eerste met die idee van volhoubare ontwikkelling as 'n wyse van voortbestaan en 'n wyse van ontwikkeling in harmonie met die omgewing vorendag gekom.[11] Volhoubare ontwikkeling kan gedefinieer word as die integrasie van sosiale, ekonomiese en omgewingsfaktore ten opsigte van ontwikkeling van huidige sowel as toekomstige geslagte.[12]

Internasionale omgewingsreg is nog 'n relatief nuwe veld, al is die wortels hiervan geleë in water- en wildlewe verdrae van die vroeë 1900's.[13] Die Stockholm beraad van 1972 het die omgewingsreg lewend gemaak deur byvoorbeeld die skep van die *United Nations Environment Program* (*UNEP*).[14] Die Stockholm konferensie was die eerste

---

[8] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxxvi.
[9] Hierna *WCED* genoem.
[10] Adede *Environmental Law Digest* 4.
[11] Adede *Environmental Law Digest* 4.
[12] Scheepers *Law and Development* 372.
[13] Sand *Transnational Environmental Law* vii.
[14] Sand *Transnational Environmental Law* vii.

globale[15] konferensie wat regerings en hul burgers bewus gemaak het van die feit dat die natuurlike omgewing gerespekteer moet word.[16]

'n Groot aantal ooreenkomste is gesluit, sagte reg instrumente het vermenigvuldig en die twintigste herdenking van die Stockholm konvensie is gevier met die grootste byeenkoms van internasionale leiers, tot op daardie tydstip, tydens die Aarde Beraad te Rio de Janeiro tydens 1992.[17] Die Wêreld Beraad vir Volhoubare Ontwikkeling wat tydens Augustus- September 2002 te Sandton, Johannesburg plaasgevind het was die grootste beraad van die Verenigde Nasies, van enige aard tot op hede.[18] Altesaam 190 van die 195 afgevaardigdes van die onderskeie lande was reeds op 28 Augustus 2002 in Johannesburg teenwoordig.[19]

Internasionale omgewingsreg verbind individue en hul plaaslike regerings in 'n wêreldwye netwerk.[20] Hierdie benadering word dikwels nie plaaslik begryp nie, aangesien elke land die verantwoordelikheid om eie wetgewing, programme en instellings te skep om die vasgestelde omgewingsreëls en verdrae toe te pas.[21]

Met inagneming van hoe die wind lugbesoedeling versprei, migrasie van spesies, handel in voedsel soos byvoorbeeld koffie wat plaagdoder reste bevat, toeriste en besigheidspersoneel wat daagliks om die wêreld beweeg, is dit vanselfsprekend dat elke land min of meer ekwivalente omgewingsbewaringsbewaringsmetodes en tegnieke moet toepas.[22] Die meganisme vir die omskrywing en raamwerk vir aanwending van hierdie omgewingsbewaringsmetodes is die regstelsel.[23] Internasionale omgewingsreg is steeds

---

[15] In hierdie verhandeling word die Engelse woord *global* as globaal vertaal by die gebrek aan 'n meer omskrywende term in Afrikaans. Die woord globaal word dus nie in sy algemene Afrikaanse vorm as byvoeglike naamwoord of bywoord wat die betekenis van: nie noukeurig bereken nie; ruweg geskat; by benadering of ongeveer, aangewend nie.

[16] Adede *Environmental Law Digest* xxi.

[17] Sand *Transnational Environmental Law* vii.

[18] De Lange *Beeld* 5.

[19] De Lange *Beeld* 5.

[20] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xiv.

[21] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xiv.

[22] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xiv.

[23] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xiv.

een van die beste instrumente beskikbaar teen onverantwoordelike bestuur van die planeet.[24]

Die *United Nations Conference on the Environment and Development*[25] wat tydens Junie 1992 te Rio de Janeiro[26] gehou is[27] het Agenda 21 in die lewe geroep. Agenda 21 is gebaseer op die ideale van die Brundtland-verslag. Die ideale van die Brundtland-verslag is opgeneem in die "*world conservation strategy*" wat aanvaar is deur die oudste omgewingsoutoriteit naamlik die *International Union for the Conservation of Nature and Natural Resources* (1948).[28]

Maurice Strong, Sekretaris-Generaal van *UNCED* 1989 [29] het enkele hoofpunte van die Rio Aarde Beraad soos volg saamgevat:[30] Eerstens dat Agenda 21 'n omvattende bloudruk vir globale handelinge is ten einde 'n bydrae te maak om die oorgang na volhoubare ontwikkeling te beïnvloed. In die tweede plek dat die *Rio Declaration on Environment and Development*[31] 'n reeks riglyne aan regerings verskaf wat state se verpligtinge definieer. 'n Stel beginsels word derdens uiteengesit ten einde die volhoubare bestuur van woude wêreldwyd te bevorder.[32] Laastens is twee regsbindende konvensies[33] opgestel wat daarop gemik is om globale klimaatsverandering en die uitroei van biologies diverse spesies te verhoed wat deur meer as 150 lande onderteken is.[34]

Om te handel met die kwessie van omgewingsprobleme en ontwikkeling is 'n gedetaileerde dokument opgestel te wete die Rio Deklarasie.[35] Een van die vyfkenmerke

[24] Adede *Environmental Law Digest* 4.
[25] Hierna *UNCED* genoem.
[26] Quarrie (red) *Earth Summit* 11.
[27] Robinson (red) *Earth's Action Plan* i.
[28] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxi.
[29] Quarrie (red) *Earth Summit* 9.
[30] Quarrie (red) *Earth Summit* 9.
[31] Hierna Rio Deklarasie genoem.
[32] Quarrie (red) *Earth Summit* 9.
[33] *UN Framework Convention on Climate Change* en *Convention on Biological Diversity*.
[34] Adede *International Law Digest* 243.
[35] Adede *International Law Digest* 243.

van die Rio Deklarasie is dat dit duidelik met Agenda 21 geïntegreer is en deel daarvan vorm.[36]

Tydens 1997 is die Aarde Beraad *+5* gehou wat twee oogmerke gehad het. Die eerste was om vas te stel tot watter mate Agenda 21 geimplimenteer is en wat die sukses daarvan was, asook die invloed daarvan oor die tydperk van 5 jaar. Die tweede doel was om oogmerke vir die volgende vyf jaar vas te stel.[37] Die Aarde Beraad +10 is tydens September 2002 in Johannesburg, Suid-Afrika aangebied.[38] Tydens die Aarde Beraad +10 is *Local Action 21* op die been gebring is om te verseker dat *Local Agenda 21*-beginsels daadwerklik uitgevoer wor.

Suid-Afrika het die *Rio Declaration on Environment and Development* geratifiseer wat impliseer dat volhoubare ontwikkelling ook in Suid-Afrika toegepas moet word. Plaaslike regerings het ten doel om die omgewingsreg te bevorder deur die implementering van "Plaaslike Agenda 21".[39] Agenda 21 moet deur plaaslike regerings in 'n "Plaaslike Agenda 21" omskep word ten einde volhoubare ontwikkeling te verseker. Vanuit 'n praktiese oogpunt is plaaslike regerings die gepaste regeringsvlak vanwaar volhoubare ontwikkeling bestuur en bewerkstellig kan word.

In die eerste plek funksioneer plaaslike regerings op die naaste vlak aan die burgers van elke land en kan interaksie op 'n meer toeganklike basis plaasvind. Tweedens is dit makliker vir plaaslike regerings om volhoubare ontwikkeling te monitor weens kleiner jurisdiksiegebiede in vergelyking met die grootte van provinsies. In die derde plek is dit ook makliker vir plaaslike regerings om probleemareas vas te stel en aan te meld. Plaaslike regerings is nie alleen in die stryd nie aangesien provinsiale regerings hul plaaslike regerings moet bystaan volgens bestaande wetgewing.[40] Agenda 21 bepaal dat onder andere plaaslike gemeenskappe, jongmense, vrouegroepe, boere en navorsers betrokke moet wees by volhoubare ontwikkeling. Vanaf plaaslike vlak is dit veel meer

[36] Adede *International Law Digest* 243.
[37] Departement Omgewingsake en Toerisme *Programme for Futer Implementation of Agenda 21* 5.
[38] *ICLEI* http://www.iclei.org/la21/ascn/index.cfm 8 Sept.
[39] Sien 6.1.

doeltreffend om al hierdie groepe te betrek deur byvoorbeeld plaaslike universiteite te betrek om saam met munisipaliteite programme te ontwikkel en implimenteer.

Volhoubare ontwikkeling is van groot belang vir Suid-Afrika omdat dit in die eerste plek soveel natuurlike hulpbronne het om te beskerm en te bewaar. Suid-Afrika is 'n ontwikkelende land en derhalwe is volhoubare ontwikkeling in die tweede plek van groot belang vir Suid-Afrika.

Slegs die Durban Metropool, Kaap Metropool, die Stad van Johannesburg en die Pretoria Metropool implimenteer reeds daadwerklik "Plaaslike Agenda 21". Daar is ook 'n aantal ander plaaslike regerings wat begin het om Agenda 21 projekte te loods soos Kimberley en die Wilde Kus. Plaaslike regerings moet Agenda 21-beginsels implimenteer sover dit van toepassing is op elke plaaslike regering ten opsigte van die ligging van die betrokke Plaaslike owerheid. Plaaslike owerhede aan die kus sal byvoorbeeld ander beginsels toepas as plaaslike owerhede in die binneland. Agenda 21 bepaal dat al die sfere van regerings betrokke moet wees by die aanwending van Agenda 21-beginsels, maar hoofstuk 28 bepaal uitdruklik dat plaaslike regerings 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van 'Plaaslike Agenda 21's". Daar is byvoorbeeld nasionale programme soos die skoonste stad/dorp wat deur die minister van omgewingsake, Valli Moosa inwerking gestel met die oogmerk om plaaslike regerings bewus te maak van omgewingsaspekte, maar ongelukkig neem nie al die dorpe en stede aan hierdie program deel nie.

[40] *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996.

Leer hy my ook die wêreld ken van prehistoriese dier en mens
vertolk hy vir my rotstekeninge
wys aan my petrefakte
leer my van diere van insekte
lewe wat gister nog hier was
maar nou weg is
weg weg vir altyd

D.P.M Botes [41]

[41] Marais (red) *Groen* 8.

# Hoofstuk 2

# Agenda 21 en "Plaaslike Agenda 21"

## 2.1 Inleiding

Internasionale instrumente[42] moet in terme van afdeling 4 van Agenda 21 nasionale en plaaslike regerings bystaan met betrekking tot befondsing asook in 'n raadgewende hoedanigheid ten einde volhoubare ontwikkeling te bevorder. In hierdie hoofstuk word die totstandkoming, doel en inhoud van Agenda 21 en "Plaaslike Agenda 21" bespreek. Alhoewel die inhoud van Agenda 21, kortliks in sy geheel in hierdie hoofstuk bespreek word, word veral gefokus op die rol van plaaslike regerings met betrekking tot die toepassing van die onderskeie beginsels van Agenda 21.

## 2.2 Totstandkoming van Agenda 21

Soos in die inleiding[43] vermeld is daar tydens Junie 1992 is 'n Aarde Beraad te Rio de Janeiro gehou wat die deklarasie van die *United Nations on the Human Environment* van Stockholm[44] bevestig het.[45] Die *Rio Declaration on Environment and Development*[46] is tydens hierdie Aarde Beraad opgestel.[47] Die Rio Deklarasie bestaan uit 27 beginsels met die oogmerk om die deklarasie van die *United Nations on the Human Environment* uit te brei en 'n globale vennootskap tussen state te bewerkstellig.[48] Een van die kenmerke van die Rio Deklarasie is dat dit Agenda 21 ondersteun.[49]

---

[42] Vanweë die omvang van die verhandeling, kan slegs 'n paar internasionale instrumente bespreek word wat betrekking het op die volhoubare ontwikkeling van die omgewing.
[43] Sien Hoofstuk 1.
[44] Aangeneem op 16 Junie 1972 te Stockholm.
[45] Quarrie (red) *Earth Summit* 11.
[46] Hierne Rio Deklarasie genoem.
[47] Quarrie (red) *Earth Summit* 11.
[48] Quarrie (red) *Earth Summit* 11.

Agenda 21 is 'n aksieplan vir internasionale volhoubare ontwikkeling vir die huidige sowel as die toekomstige geslagte, wat ondersteun word deur programme, doelstellings en aktiwiteite.[50] Agenda 21 reflekteer 'n konsensus op globale vlak, deur internasionale verbintenisse ten opsigte van die omgewing asook die uitwerking van ekonomiese ontwikkeling op die omgewing.[51]

Die Rio Deklarasie vorm die basis waarop Agenda 21 moet bou as 'n belegging vir die hede sowel as die toekoms.[52] Agenda 21 is 'n belangrike instrument van *UNCED*[53] wat geïntegreerde strategieë en gedetaileerde programme daarstel om die toestand van die omgewing te herstel, asook die bevordering van volhoubare ontwikkeling in alle lande te bewerkstellig as deel van die wyse waarop ontwikkeling bestuur word.[54]

Die doel met die Aarde Beraad wat te Rio de Janeiro gehou is, was om omgewingsprobleme op te los sonder om ontwikkeling te stuit.[55] Die Rio Deklarasie word gesien as 'n voorbeeld van toename in stappe vir die bestuur van internasionale omgewingsbronne.[56]

## 2.3 Inhoud van Agenda 21

Agenda 21 bestaan uit 4 afdelings en 40 hoofstukke.[57] Die voorwoord van Agenda 21 vermeld dat die mensdom 'n geskiedkundige oomblik bereik het, omdat armoede, hongersnood, swak gesondheid en ongeletterdheid toeneem asook die voortdurende agteruitgang van die ekosisteem.[58] Die integrasie van ontwikkelings- en omgewings aangeleenthede sal tot gevolg hê dat basiese menslike behoeftes voorsien sal word wat sal lei tot verbeterde lewenstandaarde en ook die beter bestuur en bewaring van die

---

[49] Quarrie (red) *Earth Summit* 11.
[50] Adede *Environmental Law Digest* 2 en hoofstuk 1 hierbo.
[51] Adede *Environmental Law Digest* 2.
[52] Quarrie (red) *Earth Summit* 7 en 47 en Robinson (red) *Earth's Action Plan* 3.
[53] Sien 2.4.2.
[54] Robinson (red) *Earth's Action Plan* i.
[55] Adede *International Law Digest* 242-243.
[56] Sand *Transnational Environmental Law* 63.
[57] Quarrie (red) *Earth Summit* 5.
[58] Robinson (red) *Earth's Action Plan* 1.

ekosisteme.[59] Die hele beginsel van Agenda 21 is 'n sirkelwerking deurdat die bereiking van een doel die bereiking van 'n volgende tot gevolg het. Ekonomiese groei op 'n volhoubare wyse beskerm die omgewing en terselfdertyd word menslike lewenskwaliteit verbeter deur werkskepping en 'n skoner en veiliger omgewing.

Afdeling 1 van Agenda 21 handel oor die sosiale en ekonomiese dimensies en verskeie aspekte word aangespreek.[60] Riglyne word verskaf vir handeldryf op 'n volhoubare wyse deur byvoorbeeld finansiering aan ontwikkelende lande.[61] Bevegting van armoede kan bewerkstellig word deur die lewenskwaliteit van mense te verbeter.[62] Verbruikerspatrone moet verander om volhoubaarheid te verseker.[63] Menslike gesondheid kan verbeter word met byvoorbeeld die verskaffing van basiese mediese sorg en met die voorkoming van epidemies kan die sosiale en ekonomiese dimensies van die aarde se bevolking verbeter word.[64] Verskaffing van volhoubare menslike nedersettings kan volhoubaarheid verseker, deur nie natuurlike hulpbronne uit te put nie.[65]

Afdeling 2 van Agenda 21 skep riglyne vir die bewaring en bestuur van hulpbronne vir ontwikkeling met inagneming van die beskerming van die atmosfeer deur onder andere wetenskaplike navorsing te verbeter en die agteruitgang van die osoonlaag te voorkom.[66] Die grondhulpbronne kan byvoorbeeld beskerm word deur beplanning en beter bestuur van grond.[67] Uitwissing van woude kan voorkom word deur volhoubare benutting van woude en die herplanting van nuwe bome.[68] Die bestuur van sensitiewe ekosisteme deur die voorkoming van droogte, verwoestyning en volhoubare bergontwikkeling kan die voortbestaan van hierdie ekosisteme verseker.[69] Volhoubare

---

[59] Robinson (red) *Earth's Action Plan* 1.
[60] Quarrie (red) *Earth Summit* 50.
[61] Quarrie (red) *Earth Summit* 51.
[62] Quarrie (red) *Earth Summit* 55.
[63] Quarrie (red) *Earth Summit* 58.
[64] Quarrie (red) *Earth Summit* 67.
[65] Quarrie (red) *Earth Summit* 76.
[66] Quarrie (red) *Earth Summit* 96-188.
[67] Quarrie (red) *Earth Summit*102.
[68] Quarrie (red) *Earth Summit* 105 en sien 5.3.6.
[69] Quarrie (red) *Earth Summit* 111-120.

landbou[70] en plattelandse ontwikkeling geskied deur beplanning en geïntegreerde programme in samewerking met boere.[71]

Hoofstuk 5 van Agenda 21 bespreek die relevansie van demografiese dinamika en volhoubaarheid, omdat stede toenemend groei en dorpe in stede verander, moet plaaslike regerings of munisipaliteite op 'n deurlopende wyse aandag gee aan hierdie verskynsel.[72] Die uitbreiding van stede het tot gevolg dat al hoe meer grond bebou word en dat ekosisteme verwoes word. Stads- en streeksbeplanners moet dus op 'n verantwoordelike wyse beplanning doen met inagneming van die omgewing waarin nuwe uitbreidings gaan plaasvind.[73]

In hoofstuk 6 word verbetering en beskerming van menslike gesondheid bespreek deur programme en beplanning wat insette van die plaaslike gemeenskap vereis.[74] Nasionale regerings en internasionale organisasies moet plaaslike regerings bystaan ten einde 'n munisipale gesondheidstruktuur op die been te bring en in stand te hou. Verskaffing van gratis of goedkoper mediese dienste is 'n beginpunt ter bereiking van hierdie doel.

Bevordering van volhoubare menslike nedersettings word in hoofstuk 7 van Agenda 21 bespreek.[75] Plaaslike gemeenskappe het in hierdie geval die verpligting om die nedersettings te verbeter deur deel te neem aan die tegniese en ander ontwikkelingsaktiwiteite.[76] Die integrasie van die omgewing en ontwikkeling in besluitneming kan verbeter word deur versterkte verhoudings tussen nasionale en plaaslike regerings. Scheepers[77] van Standerton het byvoorbeeld 'n behuisingsplan aan die Tshwane-raad voorgelê wat behels dat koepelhutte gebou word deur moddergevulde plastieksakke op mekaar te stapel.

---

[70] Sien 5.3.3.
[71] Quarrie (red) *Earth Summit* 120.
[72] Quarrie (red) *Earth Summit* 61.
[73] Sien 5.3.9.
[74] Quarrie (red) *Earth Summit* 67.
[75] Quarrie (red) *Earth Summit* 76.
[76] Sien 5.3.9.
[77] Fitzpatrick *Beeld* 5.

Die uitwissing van woude moet in terme van hoofstuk 11 voorkom word deur volhoubare benutting van woude en die herplanting daarvan soos reeds hierbo genoem.[78] Plaaslike regerings speel in hierdie geval 'n belangrike rol, veral indien woude en bosse binne die munisipale gebied van 'n plaaslike regering voorkom.[79]

Plaaslike regerings en gemeenskapsorganisasies moet sensitiewe ekosisteme volhoubaar bestuur en sodoende verwoestyning voorkom soos bepaal word in hoofstuk 12,[80] dieselfde geld vir volhoubare bergontwikkeling soos in hoofstuk 13[81] van Agenda 21 bespreek. Die enigste wyse waarop sensitiewe ekosisteme se voortbestaan verseker kan word is deur verantwoordelike bestuur ten einde volhoubaarheid van hierdie ekosisteme te verseker.

Hoofstuk 14 van Agenda 21 bepaal dat plaaslike regerings volhoubare landbou en landelike ontwikkeling moet ondersteun.[82] Programme in samewerking met plaaslike boere en opkomende boere asook plaasarbeiders moet in hierdie geval ontwikkel word. Landboufakulteite van kolleges en universiteite sal volhoubare landbou op 'n verdere wyse kan verbeter deurdat kennis vanaf hierdie instellings nuttig toegepas kan word en terselfdertyd aan studente oorgedra kan word.

Die bewaring van die biologiese diversiteit hang af van die samewerking en ondersteuning van plaaslike gemeenskappe asook die versterking van bestaande programme en wetenskaplike navorsing soos beoog is in hoofstuk 15.[83] Oseane, die see asook semi-ingeslote seë en kusgebiede moet bewaar en volhoubaar ontwikkel word. Die beskikbaarheid van vars water[84] vir menslike gebruik vorm ook deel van Agenda 21. Die verwerking van onveilige en radio-aktiewe afval moet op die veiligste manier moontlik gekied. Daar mag ook nie handel gedryf word met radio-aktiewe afval nie.[85]

---

78 Quarrie (red) *Earth Summit* 105.
79 Sien 5.3.6.
80 Quarrie (red) *Earth Summit* 111-108.
81 Quarrie (red) *Earth Summit* 119-120.
82 Quarrie (red) *Earth Summit* 120.
83 Quarrie (red) *Earth Summit* 129.
84 Sien 5.3.4 en 5.3.5.
85 Quarrie (red) *Earth Summit* 157.

Aangesien plaaslike gemeenskappe langs die kus grootliks afhanklik is van die natuurlike hulpbronne vir oorlewing is hoofstuk 17 van belang vir plaaslike regerings wat langs die kus geleë is.[86] Hoofstuk 17 bepaal dat oseane, seë, ingeslote- en gedeeltelik ingeslote seë en kusareas beskerm moet word tydens die ontwikkeling en ontginning van lewende hulpbronne.[87]

Die bestuur, bewaring en verskaffing van varswaterbronne word in hoofstuk 18 bespreek.[88]Aangesien munisipaliteite verantwoordelik is vir die verskaffing van dienste soos vars water is hoofstuk 18 van belang vir plaaslike regerings.[89]

Dit is veral belangrik dat plaaslike regerings die riglyne in afdeling twee toepas met betrekking tot elke individuele plaaslike regering se natuurlike hulpbronne en die behoeftes van elke plaaslike gemeenskap.

Hoofstuk 28 van Agenda 21 bepaal dat plaaslike regerings 'n belangrike rol te speel het in die globale stap tot volhoubare otwikkeling.[90] Afdeling 3[91] handel oor die versterking van aksiegroepe en veral hoofstuk 28[92] is van belang wat bepaal dat plaaslike regerings Agenda 21 moet implimenteer, deur 'n "Plaaslike Agenda 21" te skep wat van toepassing is op elke plaaslike regering se individuele behoeftes en ligging. Die *UN Special Session of the General Assembly* het Agenda 21 tydens 1997 hersien en bevind dat plaaslike regerings se "Plaaslike Agenda 21"die mees effektiewe sfeer van staatsontwikkeling is.[93] Ander belangegroepe sluit in die jeug, kinders, vroue, werknemers, vakbonde industrieë en inheemse bevolkings. Navorsingsgroepe en boere is van die ander aksie groepe wat in Agenda 21 bespreek word.

---

86 Sien 5.3.2.
87 Quarrie (red) *Earth Summit* 139.
88 Quarrie (red) *Earth Summit* 157.
89 Sien 5.3.4 en 5.3.5.
90 Urquart en Atkinson *Pathway to Sustainability* 13 en 15.
91 Quarrie (red) *Earth Summit* 191-208.
92 Quarrie (red) *Earth Summit* 200.
93 Urquart en Atkinson *Pathway to Sustainability* 15.

Afdeling 4[94] handel met die wyses van implimentering van Agenda 21 deur middel van finansies, tegnologie, wetenskap, onderrig, bewusmaking, opleiding en internasionale instellings.

Tydens die Aarde Beraad wat in Johannesburg gehou is, is daar besluit dat die *Local Agenda 21*-proses opgevolg moet word deur 'n *Local Action 21*-proses.[95] *Local Action 21* sal dien as die leuse, mandaat en beweging na volhoubare ontwikkeling ten einde volhoubare gemeenskappe en stede te bewerkstellig wat die voorbestaan van die aarde sal verseker.[96]

## 2.4 Rol van internasionale instrumente[97]

Hoofstuk 39 van Agenda 21 bepaal dat internasionale instrumente aangewend moet word om omgewingsreg en beginsels af te dwing.

### 2.4.1 *United Nations Environment Program* [98]

Die doel van *UNEP* is om riglyne aan state te verskaf ten aansien van gedeelde grondgebiede en ander faktore wat die omgewing beïnvloed, wat deur die Verenigde Nasies as 'n geheel uitgevoer word.[99] Die rol van *UNEP* is om die ontwikkeling en kodifisering van internasionale omgewingsreg te verseker.[100] In geheel sluit *UNEP* se aktiwiteite, menslike nedersettings, menslike en omgewingsgesondheid, landelike ekosisteme, oseane, omgewing en ontwikkeling en natuurrampe in.[101]

---

94 Quarrie (red) *Earth Summit* 209-240.
95 Otto-Zimmerman 2003 *ICLEI* 1.
96 Otto-Zimmerman 2003 *ICLEI* 1.
97 Suid-Afrika word gebind deur internasionale verdrae deur die ondertekening van verbintenisse deur afgevaardigdes van die staat soos buitelandse ministers.
98 Hierna *UNEP* genoem.
99 Weiss, Szasz en Magraw *Basic Documents* 180.
100 Birnie en Boyle *International Law and Environment* 47.

### 2.4.2 *United Nations Conference on the Environment and Development* [102]

Een van die hoofdoelstellings van *UNCED* is om die Verenigde Nasies se sisteme te evalueer met betrekking tot bewaring en die harmonisering met ander instellings om holisme te verseker.[103] Ten einde die komplekse probleme met betrekking tot ondersteunende ontwikkeling te hanteer, is *UNCED* in 1992 byeen geroep.[104] Die mees belangrike ontwikkeling vanuit *UNCED* is die ontwikkeling en implementering van Agenda 21.[105] Die merkwaardigste instelling van *UNCED* naamlik die *Comission for Sustainable Development* moet toesien dat Agenda 21 geïmplementeer word.[106]

### 2.4.3 *United Nations Law of the Sea Convention*[107]

*UNCLOS*[108] se oogmerk is om die see instand te hou en te bewaar met in agneming van besoedeling,[109] kontrole oor visvang, ontginning van die seebed en die bewaring van die mariene hulpbronne.[110]

### 2.4.4 *International Maritime Organisation* [111]

Maritieme veiligheid en beskerming van die mariene omgewing word deur die *IMO* hanteer.[112] *IMO* is betrokke by die tegniese sy wat voortspruit uit konvensies, kodes, raadgewende en tegniese bystand, wat deur verskeie kommitees byvoorbeeld die

---

101 Kiss en Shelton *International Environmental Law* 60.
102 Hierna *UNCED* genoem.
103 Birnie en Boyle *International Law and Environment* 481.
104 Birnie en Boyle *International Law and Environment* 5.
105 Birnie en Boyle *International Law and Environment* 81.
106 Birnie en Boyle *International Law and Environment* 81.
107 Hierna *UNCLOS* genoem.
108 Sien 3.3.1.
109 Birnie en Boyle *International Law and Environment* 304 en 308.
110 Dugard *International Law* 231.
111 Hierna IMO genoem.
112 Birnie en Boyle *International Law and Environment* 53.

*Maritime Safety Committee* (MSC) uitgevoer word.[113] Die afgelope dekade was die *IMO* hoofsaaklike bemoeid met mariene besoedeling.[114]

### 2.4.5 *World Health Organisation* [115]

*WHO*[116] stel ten doel om die hoogste mate van gesondheid moontlik aan alle mense te verseker.[117] Mense se gesondheid word deur hul omgewing geaffekteer en daarom is *WHO* se belang by die omgewing nodig.[118] Die doel van hierdie organisasie is om epidemiese, pandemiese en ander siektes te bekamp deur behuising en mediese sorg te verbeter.[119]

### 2.4.6 *United Nations Commission on Human Rights* [120]

*UNCHR* is 'n ondergeskikte liggaam van *ECOSOC*[121] wat mense regte moet bevorder en om oplossings moet vind waar daar inbreuk gemaak word op menseregte.[122]

### 2.4.7 *International Atomic Energy Agency* [123]

Alhoewel hierdie instelling met die Verenigde Nasies geassosieer word handel dit op 'n gespesialiseerde wyse.[124] *IAEA* het die verantwoordelikheid om te verseker dat kernenergie op internasionale vlak slegs met betrekking tot vrede aangewend word.[125]

---

[113] Birnie en Boyle *International Law and Environment* 54.
[114] Kiss en Shelton *International Environmental Law* 68.
[115] Hierna *WHO* genoem.
[116] Sien 3.2.1.
[117] Birnie en Boyle *International Law and Environment* 61.
[118] Birnie en Boyle *International Law and Environment* 61.
[119] Kiss en Shelton *International Environmental Law* 66 en Swanson en Johnston *Global Environmental Problems* 229.
[120] Hierna *UNCHR* genoem..
[121] Dugard *International Law* 216.
[122] Dugard *International Law* 217.
[123] Hierna *IAEA* genoem.
[124] Birnie en Boyle *International Law and Environment* 63.
[125] Birnie en Boyle *International Law and Environment* 63.

*IAEA* se funksies sluit ook die bevordering van gesondheid in deur die beperking van bestraling.[126]

## 2.5 Gevolgtrekking

Agenda 21 is stel riglyne vir volhoubare ontwikkeling deurdat die mens sowel as die omgewing bevoordeel word. Elke land wat Agenda 21 onderteken het, moet 'n Plaaslike Agenda 21 implementeer wat aan die behoeftes van elke individuele land se plaaslike gemeenskappe en die natuur voldoen.

Plaaslike Agenda 21 moet derhalwe toegepas word op elke gebied van die omgewing vanaf berg ekosisteme, woude en onder meer ook die see tot sektore van die samelewing soos landbou en benutting van lewende hulpbronne.

Agenda 21-beginsels kan ook slegs suksesvol toegepas word mits alle sektore van elke plaaslike gemeenskap betrokke is by die bereiking van volhoubare ontwikkeling. Derhalwe moet daar inligting rakende Agenda 21 verskaf word aan die plaaslike gemeenskap, besighede, skole, tersiêre instellings, boere en vrouegroepe.

Alhoewel Agenda 21 praktiese beginsels op papier stel, is dit die rol van mense in die vorm van onder andere individue, plaaslike gemeenskappe en veral plaaslike regerings om die beginsels van Agenda 21 om te skakel in optredes wat die lewenskwaliteit van mense verbeter deur ekonomiese en sosiale ontwikkeling en terselfdertyd die omgewing bewaar. *Local Action 21* wat tydens die Aarde Beraad +10 op die been gebring is se doel is om te poog om *Local Agenda 21*-beginsels uitvoerbaar te maak.

Al die internasionale instrumente handel met hul eie gespesialiseerde gebiede, maar het almal dieselfde einddoel, 'n veilige omgewing vir die mens en die natuurlike omgewing vir huidige sowel as toekomstige geslagte.

[126] Kiss en Shelton *International Environmental Law* 67.

Internasionale instrumente het ook ten doel om nasionale regerings van finansiële hulp asook raad te voorsien.

Indien elke individu ingelig word oor die belangrikheid en noodsaaklikheid van volhoubare ontwikkeling en die gemeenskap se samewerking ten einde Agenda 21-beginsels te verwesenlik, sal volhoubrae ontwikkeling nie slegs 'n doelstelling bly nie, maar 'n werklikheid word.

Aerosolkannetjies pons gaatjies
in die dun osoondoek rondom
die aarde span-
toe smelt die pole,
seevlakke styg, uitgelate
gifgasse klim van onder
tot bo in die Hemel
en die Here alleen weet
wat het geword van die groen
gordels reënwoude
wat hy geplant het.

Eveleen Castelyn [127]

[127] Marais (red) *Groen* 13.

# Hoofstuk 3

# Hedendaagse omgewingsknelpunte

## 3.1 Inleiding

Vanaf die 1972 Stockholm konferensie is verskeie multilaterale verdrae onderteken wat betrekking gehad het op eerste generasie omgewingsprobleme soos lug, water en grond besoedeling wat veroorsaak is deur industrieë of aktiwiteite wat geassosieer word met armoede.[128] Verdrae met betrekking tot die omgewingsreg het dus vanaf 1972 gehandel oor mariene omgewing, fauna en flora, bedreigde spesies en sekere habitatte.[129] Met die aanspreek van eerste generasie omgewingsprobleme het tweede generasie omgewingsprobleme op die toneel verskyn soos suurreën, verdunning van die stratosferiese osoonlaag, globale verwarming, uitwissing van woude, verwoestyning, behoud van die biodiversiteit en internasionale handel met giftige en gevaarlike afvalstowwe.[130] Multilaterale verdrae wat met betrekking tot tweede generasie omgewingsprobleme opgestel is, is byvoorbeeld die *United Nations Framework Convention on Climate Change* en die *Convention on Biological Diversity* van 1992.[131]

Die Brundtland Kommissie verduidelik omgewingsprobleme soos volg:

> The next few decades are crucial for the future of humanity. Pressures on the planet are new unprecedented and are accelerating at rates and scales new to human experience ... Each area of change represents a formidable challenge in its own right, but the fundamental challenge stems from their systematic character. They lock together 'sectors' such as industry and agriculture; they lock countries together as the effects of national policies and actions pill over national borders. Separate policies and institutions can no longer cope effectively with these interlocked issues. Nor can

---

128 Adede *Environmental Law Digest* 13.
129 Adede *Environmental Law Digest* 13.
130 Adede *Environmental Law Digest* 13.
131 Sand *Transnational Environmental Law* 64.

> nations, acting unilaterally ... The real world of interlocked economic and ecological systems will not change; the policies and institutions concerned must.[132]

In hierdie hoofstuk word die mees kritiese omgewingsknelpunte kortliks bespreek ten einde die uitwerking wat onder andere die groenhuiseffek en verdunning van die osoonlaag op die mens, dier en omgewing het te illustreer.

## 3.2 Kritiese omgewingsknelpunte

### 3.2.1 Osoon

Die agteruitgang van die stratoferiese osoon en die "gat" oor Antartica wat nie net nadelig vir mense is nie maar ook vir plankton en landplante is, omdat die $CO_2$ nie deur fotosintese van die lug verwyder kan word nie.[133] Die verlies in die stratosferiese osoon strek vir 8 kilometer by die pole, 17 kilometer by die ekwator en 50 kilometer bo die aarde.[134] Die agteruitgang bly voortduur en al het lande teen 2000 die gebruik van CFC's gestaak of beperk, sal die skade vir minstens nog 'n eeu voortduur.[135] Verdunning van die stratosferiese osoonlaag en verhoogde vlakke van ultra-violet strale sal lei tot die verhoogde voorkoms van velkanker en oogsiektes.[136]

Gedurende die tweede helfte van die 1980's het ongeveer 1,3 biljoen mense wêreld in stede gewoon wat veroorsaak het dat stof en rook nie voldoen het aan die standaarde soos gestel deur WHO[137] nie, wat die risiko vir resperatoriese probleme en kanker verhoog het.[138]

---

[132] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xx.
[133] Nanda *Environmental Law and Policy* 210.
[134] Nanda *Environmental Law and Policy* 211.
[135] Adede *Environmental Law Digest* 319.
[136] Adede *Environmental Law Digest* 319 en Thorton en Beckwith *Environmental Law* 251.
[137] Sien 2.4.5.
[138] Hunter, Salzman en Dunwood *International Environmental Law and Policy* 10 en sien 6.1.

### 3.2.2 Groenhuiseffek

$CO_2$ se volume het in die laaste eeu met 20% toegeneem wat tot gevolg het dat die aarde verwarm word deur die "groenhuiseffek", wat die waterpatrone verander.[139]

Die verandering van waterpatrone het tot gevolg dat storms meer hewig is en derhalwe word die klimaatsones vinniger verskuif as wat plante en die ekosisteem kan aanpas wat landbou kan versteur.[140] Bestaande ekosisteme word radikaal hierdeur beïnvloed.[141] Klimaatsverandering sal voortduur solank as wat groenhuisgasse in die atmosfeer vrygestel word.[142]

### 3.2.3 Globale verwarming

Globale verwarming word veroorsaak deur vrystelling van $CO_2$, CFC's, metaan en stikstofoksied in die atmosfeer.[143] Globale verwarming smelt gletsers en die ys op bergtoppe wat veroorsaak dat watermolekules vermeerder wat daarop neerkom dat seevlakke styg.[144] Die effek hiervan is dat daar jaarliks groot gebiede droë grond verdwyn.[145] Louisiana in die VSA verloor jaarliks 64m² grond as gevolg van erosie wat veroorsaak word deur storms.[146] Die 1191 eilande in die Maldives wat slegs 2 meter bo seevlak geleë is, Bangladesh en die vleilande langs die Atlantiese oseaan sal onder water wees binne die volgende paar dekades.[147]

In Bankok is beraam dat die gemiddelde kind minstens vier of meer IK-punte teen die ouderdom van sewe verloor het as gevolg van blootstelling aan lood in uitlaatgasse in

---

139 Sand *Transnational Environmental Law* 207.
140 Birnie en Boyle *International Law and Environment* 389.
141 Nanda *Environmental Law and Policy* 246.
142 Adede *Environmental Law Digest* 318-319 en Swanson en Johnston *Global Environmental Problems* 33.
143 Thorton en Beckwith *Environmental Law* 251 en Swanson en Johnston *Global Environmental Problems* 32.
144 Birnie en Boyle *International Law and Environment* 389.
145 Adede *Environmental Law Digest* 319.
146 Robinson (red) *Earth's Action Plan* xix.
147 Robinson (red) *Earth's Action Plan* xix.

brandstof.[148] Volwassenes se Bankok se bloeddruk het aansienlik verhoog wat hartaanvalle en beroertes laat toeneem as gevolg van blootstelling aan lood in uitlaatgasse, terwyl hipertensie in Meksiko stad met 20% verhoog het.[149]

### 3.2.4 Woude

Die vernietiging van woude verminder $CO_2$ opname wat verwarming vererger.[150] Die voortdurende uitbreiding van woestyne in Afrika en Asië weerkaats die son se hitte terug na die atmosfeer.[151] Gronderosie en vloede is as gevolg hiervan hewig hiervan.[152]

In Amerika word daar weekliks 500 000 bome afgekap wat aangewend word vir koerantpapier waarvan slegs 'n derde herwin word.[153] Amerikaners gooi elke jaar genoeg kantoorpapier weg om 'n muur van 3,65m hoog en 3 960km lank te kan bou.[154]

### 3.2.5 Tropiese woude

Tropiese woude, vleilande en breë riviermondings word uitgewis en daardeur ook verskeie spesies, in groot getalle. Indien hierdie uitwissing nie voorkom word nie sal daar reeds teen 2003, 20% van die aarde se spesies uitgewis wees.[155] Tropiese reënwoude beslaan slegs 6% van die aarde se oppervlak, maar huisves meer as die helfte van die aarde se spesies.[156]

Na aanleiding van sommige ramings verloor die aarde 27 000 spesies per jaar wat neerkom op 74 spesies per dag en 3 spesies elke uur.[157]

---

148 Hunter, Salzman en Dunwood *International Environmental Law and Policy* 10.
149 Hunter, Salzman en Dunwood *International Environmental Law and Policy* 10.
150 Adede *Environmental Law Digest* 327.
151 Robinson (red) *Earth's Action Plan* xix.
152 Robinson (red) *Earth's Action Plan* xix.
153 Press ea *Earth Issues* 6.
154 Press ea *Earth Issues* 6.
155 Robinson (red) *Earth's Action Plan* xix en sien 3.3.3.
156 Kiss en Shelton *International environmental Law* 239.
157 Hunter, Salzman en Dunwood *International Environmental Law and Policy* 5.

### 3.2.6 Bevolkingsontploffing

Die vernietiging van die aarde kring uit as gevolg van die bevolkingsontploffing. In 1972 was die aarde se bevolking ongeveer 4 biljoen, in 1993 5,1 biljoen en na raming sal dit ongeveer 6,1 biljoen in 2003 wees.[158]

### 3.2.7 Omgewingsbesoedeling

As gevolg van die fel bevolkingsgroei ontstaan megastede wat industrialisasie veroorsaak. Industralisasie laat besoedeling vermeerder en vullis vermenigvuldig. Teen 1992 het 40 000 mense, meestal kinders daagliks gesterf as gevolg van ondervoeding en siektes wat verbind word met water.[159]

In Amerika word jaarliks 24 miljoen ton blare en gras weggegooi wat gebruik kon word vir kompos.[160] Amerikaanse verbruikers gooi elke drie maande genoeg alluminium weg om die hele Amerikaanse lugdiens te herbou.[161] Elke uur word 2,5 miljoen plastiekbottels in Amerika weggegooi waarvan min herwin word.[162]

Vir honderde miljoene van die wêreld se armer bewoners wat van vuur gebruik maak vir verhitting en koskook is die besoedeling binneshuis as gevolg van takke, gras en mis gelykstaande aan die rook van 'n aantal pakkies sigarette per dag.[163]

---

[158] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xix.
[159] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xx.
[160] Press *Earth Issues* 6.
[161] Press *Earth Issues* 6.
[162] Press *Earth Issues* 6.
[163] Hunter, Salzman en Dunwood *International Environmental Law and Policy* 10.

### 3.3 Stelsels wat deur omgewingsknelpunte geraak word

Stelsels soos oseane, atmosfeer, lewende hulpbronne en gesamentlike grondgebiede word kortliks hieronder bespreek ten einde aan te toon hoe dit deur omgewingsknelpunte geraak word.

#### 3.3.1 Oseane

Oseane bedek twee derdes van die aarde se oppervlak en 60% van die aarde se bevolking woon langs die kus.[164] Elke land ag die eerste 6 see-myl van die oseaan as visvangsgebied en die verdere 6 see-myl as territoriale kusgebied.[165] 200 myl van die kus word as die eksklusiewe ekonomiese zone geag.[166] Hierdie 200 myl se hulpbronne word deur die staatsinstellings beheer wat daarop neerkom dat 35% van die oseane direk deur state beheer word.[167]

Oorspronklik was die bekommernis in terme van oseane die weggooi van afval in die oseaan.[168] Die *Convention on the Prevention of Marine Pollution by Dumping Waste and Other Matter* is die eerste konvensie wat hiermee gehandel het, dit staan ook beter bekend as die 1972 *London Dumping Convention.*[169] Hierdie konvensie handel met die gekontroleerde weggooi van afval vanaf skepe, vragskepe, vliegtuie en ander bronne, maar nie van landgebaseerde bronne nie.[170]

Die 1974 *Paris Convention for the Protection of Marine Pollution from Land-Based Sources* is op die been gebring om die Noord-Atlantiese gedeeltes, maar 'n allesomvattende sisteem was nodig.[171]

---

[164] Robbinson (red) *Earth's Action Plan* xxi.
[165] Dugard *International Law* 236.
[166] Dugard *International Law* 240.
[167] Adede *Environmental Law Digest* 14.
[168] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxii.
[169] Adede *Environmental Law Digest* 15.
[170] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxii.
[171] Nanda *Environmental Law and Policy* 198.

Die *United Nations Convention on the Law of the Seas* is 'n allesomvattende rekodifikasie van alle internasionale seereg.[172] Gedeelte XII van hierdie verdrag is 'n sambreelooreenkoms wat die meeste reëls met betrekking tot die beskerming van die mariene omgewing insluit deurdat nasionale wetgewing vir die implementering van hierdie bindende reëls verantwoordelik is.[173] *UNCLOS*[174] benadruk die nodigheid daarvan om omgewingsprobleme op so 'n wyse op te los dat dit nie sal lei tot besoedeling in 'n ander sektor nie.[175] *UNCLOS* bepaal kortliks dat alle bronne van besoedeling beheer moet word, die voorkoming dat nuwe spesies vanaf ander gedeeltes van die see mekaar se habitat indring en die samewerking om wetenskaplike kriteria te vorm in terme van internasionale reëls ten einde die seebed te beskerm tydens hulpbron ontwikkeling.[176]

*UNCLOS* het in 1994 in werking getree, maar die meeste van die bepalings is so nou verweef in die gemenereg dat dit sonder fomele ratifikasie inwerking getree het.[177] Suid-Afrika het *UNCLOS* op 4 Desember 1985 onderteken.[178]

Agenda 21 benadruk dit ten sterkste dat elke seegebied beskerm moet word, ingeslote, geslote en semi-geslote seë, deur beperking van visoeste.[179] Voordat alle lande nie *UNCLOS* geratifiseer en geïmplementeer het nie sal die oseane in gevaar bly.[180]

### 3.3.2 Atmosfeer

Alhoewel die atmosfeer die hele aarde omvou, bestaan daar nie 'n vergelykbare ooreengekome raamwerk soos *UNCLOS* nie.[181] Daar is lande wat wetgewing ingestel

---

172 Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxii.
173 Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxii.
174 Sien 2.4.3.
175 Adede *Environmental Law Digest* 3.
176 Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxii.
177 Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxii.
178 Dugard *International Law* 232.
179 Adede *Environmental Law Digest* 22.
180 Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxiv.
181 Robinson (red) *Earths' Action Plan* xxiv.

het om lugbesoedeling te voorkom en om publieke gesondheid te verbeter soos byvoorbeeld die ooreenkoms van die *United Nations Economic Commission for Europe* om suurreën te voorkom[182] en die 1988 *Sophia Protocol* wat die gebruik van brandstof met 'n loodbasis regdeur Europa verbied.[183]

Die oudste instrument wat spesifiek met oorgrens lugbesoedeling handel is die 1979 *Convention on Long-Range Transboundary Air Pollution* wat op 16 Maart 1983 in werking getree het.[184]

Die 1986 *Vienna Convention for the Protection of Stratospheric Ozone* het eers slegs navorsing met betrekking tot CFC's vrystelling voorgestel.[185] Hierdie konvensie is op 22 Maart 1985 in Wenen, Oostenryk opgestel en het op 22 September 1988 in werking getree.[186]

In 1988 is die gat in die osoonlaag ontdek wat daartoe gelei het dat die partye van die Weense Konvensie die *Montreal Convention* aangeneem het.[187] Hierdie konvensie is op 29 Junie 1990 in Londen aangepas om die Multilaterale Osoon Fonds te stig wat aktiwiteite met betrekking tot die konvensie moet reël.[188] Die *Montreal Convention* het bepaal dat CFC gebruik teen 2000 met 50% moes verminder. Die ernstige komplikasies is egter besef en daar is in 1990 in Londen vergader waar daar besluit is dat CFC gebruik teen 2000 heeltemal gestaak moet wees.[189] 'n Verdere maatreël waarop besluit is, was om 'n fonds te stig vir die armer lande om hulle te bemiddel om ook die gebruik van CFC's te staak.[190] Agenda 21 bepaal in hoofstuk 9 dat ontwikkelende lande ingelig moet word van die gevare wat vrystelling van skadelike gasse in die atmosfeer vir die mens en die omgewing se gesondheid inhou.[191]

---

[182] Adede *Environmental Law Digest* 29.
[183] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxiv.
[184] Adede *Environmental Law Digest* 28.
[185] Lang, Neuhold en Zemanek (reds) *Environmental Protection* 169.
[186] Adede *Environmental Law Digest* 30.
[187] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxiv.
[188] Adede *Environmental Law Digest* 30.
[189] Dupont, Baxter en Theodore *Environmental Management* 309.
[190] Kiss en Shelton *International Environmental Law* 233.
[191] Quarrie (red) *Earth Summit* 96.

'n Allesomvattende benadering tot die atmosfeer het gelei tot die ondertekening van die *Framework Convention on Climate Change* in 1992 te Rio de Janeiro.[192] Die *Framework Convention on Climate Change* het in Maart 1994 in werking getree.[193] Die hoofoogmerk met hierdie verdrag is om die stabilisering van groenhuisgas konsentrasies, in die atmosfeer op 'n vlak wat die gevaarlike antropogeniese inmenging met die klimaat te voorkom.[194] Die stabilisering moet op so 'n wyse geskied dat dit moontlik sal wees vir ekosisteme om op 'n natuurlike wyse aan te pas.[195] Hierdie aspek is ook belangrik met betrekking tot voedselproduksie ten einde ekonomiese ontwikkeling van so 'n aard te laat geskied dat dit die omgewing volhoubaar maak.[196]

In Agenda 21 word voorgestel dat nie net ou wetgewing versterk word nie, maar ook dat nuwe wetgewing met betrekking tot die atmosfeer geskep moet word.[197] Plaaslike regerings het ten doel om fabrieke te monitor met betrekking tot die vrystelling van giftige gasse in die atmosfeer. Plaaslike gemeenskappe moet ingelig word oor alternatiewe bronne van energie soos water-, son- of windkrag eerder as vuur en elektrisiteit.

### 3.3.3 Lewende Hulpbronne

Die fauna en flora van die aarde is lank reeds 'n fokuspunt in die reg, deurdat velde soos landbou, woude, vissery, wildsparke en so meer reeds deur afsonderlike liggame van die omgewingsreg gereël word.[198] Op internasionale vlak is daar die *Food and Agriculture Organistion* (*FAO*) en die *United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation* (*UNESCO*).[199]

---

[192] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxiv.
[193] Swanson en Johnston *Global Environmental Problems* 240.
[194] Swanson en Johnston *Global Environmental Problems* 240.
[195] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxv.
[196] Adede *Environmental Law Digest* 34 –35.
[197] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxv.
[198] Adede *Environmental Law Digest* 40.
[199] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxvi.

Die wetgewing in verband met lewende hulpbronne het hoofsaaklik gefokus op die voortplanting en verskeidenheid van spesies.[200] Die instrument wat die hoeksteen gevorm het in terme van die oes van spesies is die 1946 *International Convention for the Regulating of Whaling.*[201]

*CITES*[202] lys bykans 2000 spesies diere en plante wat onderhewig is aan permitte vir in- en uitvoer.[203] Op 1 Julie 1975 het *CITES* inwerkinggetree.[204]

Uitwissing van spesies is onaanvaarbaar hoog, want in minder as twee dekades het 128 spesies voëls en 95 spesies soogdiere verdwyn.[205] Uitwissing van woude geskied as gevolg van bevolkingsgroei, beskikbaarstelling van bewerkbare grond per kapita, aanduiding van voedselgeskiktheid, handel en per kapita inkomste.[206]

Die oplossing wat Agenda 21 bied is dat vernietiging van woude voorkom moet word, die bestuur van brose ekosisteme soos woestyn en berggebiede, bevordering van onderhoudende landbou en landelike ontwikkeling asook die onderhouding van waterkwaliteit.[207]

### 3.4 Gevolgtrekking

Plaaslike regerings kan 'n geweldige impak maak deur die omgewingsknelpunte aan te spreek soos wat dit voorkom in individuele munisipale gebiede. Plaaslike regerings kan die plaaslike gemeenskappe inlig oor die nadelige gevolge wat huishoudelike middels,

---

[200] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxvi.
[201] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxvi.
[202] Sien 4.2.
[203] Nanda *Environmental Law and Policy* 200.
[204] Kiss en Shelton *International Environmental Law* 258.
[205] Kiss en Shelton *International Environmental Law* 239 en sien 3.2.5.
[206] Ghatak *Development Ekonomics* 451.
[207] Adede *Environmental Law Digest* 47.

vure ensovoorts op die osoon het en dat die verdunning van die osoonlaag die menslike gesondheid direk raak.

Die invloed van menslike aktiwiteite ten opsigte van die groenhuiseffek en globale verwarming kan op 'n verstaanbare wyse geïllustreer word. Plaaslike regerings moet die plaaslike gemeenskap betrek deur byvoorbeeld video's aan die mense te vertoon wat die implikasies van die kritiese knelpunte illustreer en benadruk, dat elke individu so belangrik is dat elkeen 'n geweldige verskil kan maak ten einde volhoubare ontwikkeling te verseker.

Munisipaliteite moet op 'n eenvoudige manier aan die plaaslike gemeenskap illustreer byvoorbeeld hoeveel spesies daagliks uitgewis word asook die implikasies van onvolhoubare ontwikkeling vir die mens se gesondheid en voortbestaan op die lange duur. Die gemeenskap moet daarna betrek word om die plaaslike regerings van hulp te wees te einde werkbare oplossings te vind om volhoubare ontwikkeling te verseker.

Indien die hedendaagse omgewingsknelpunte en die stelsels wat die omgewingsreg insluit aan die hand van Agenda 21-beginsels hanteer word, behoort daar oplossings vir die knelpunte gevind te word asook bewaring en volhoubare bestuur van die stelsels wat die omgewingsreg insluit.

Die afdwinging van internasionale konvensies en deklarasies is 'n gebied waarop daar nie uniforme reëls bestaan nie, aangesien elke staat die mate van oortreding nie oor dieselfde kam skeer nie. Wat met ander woorde vir een staat 'n geweldige omgewingsoortreding mag wees, is vir die volgende staat nie so geweldig nie. Sommige state is verder gemoeid met probleme wat na hul mening groter is, byvoorbeeld dreigende oorlog word belangriker geag as omgewingsknelpunte.

Op internasionale gebied word omgewingsknelpunte aangespreek deur internasionale liggame soos die *International Council for Local Environmental Initiatives (ICLEI)* wat

plaaslike regerings van regoor die wêreld verteenwoordig soos byvoorbeeld Australië[208] en Suid-Afrika.

Die wyse waarop plaaslike regerings in Suid-Afrika van die internasionale konvensies toepas om sodoende omgewingsknelpunte te voorkom, die effek daarvan te herstel of te beperk tot die kleinste mate moontlik, word in hoofstuk 5 van hierdie verhandeling bespreek.

Plaaslike regerings se rol in die omgewingsreg kan nie oorgenoeg beklemtoon word nie, aangesien die plaaslike regerings se verantwoordelikheid ten opsigte van jurisdiksie gebied soveel kleiner as die van provinsies en state is dat daar daadwerklik aandag gegee kan word aan omgewingsprobleme en oplossings gevind kan word. Aangesien die gebied van plaaslike regerings soveel kleiner as byvoorbeeld provinsies is, is die verwesenliking van Agenda 21-beginsels op plaaslike vlak soveel te meer bereikbaar.

Plaaslike regerings kan derhalwe die kritiese knelpunte binne hul jurisdiksie gebiede aanspreek deur die volhoubare bestuur van onder andere woude en die bestuur van vullis en afval deur herwinning om sodoende omgewingsbesoedling te voorkom of te beperk. Stelsels wat binne 'n plaaslike regerings se gebied voorkom byvoorbeeld kusgebiede en ander gebiede wat lewende hulpbronne bevat moet bewaar en bestuur word op 'n volhoubare wyse.

Plaaslike regeringsvlak is die sfeer vanwaar volhoubare ontwikkeling daadwerklik verwesenlik kan word deur wetgewing wat bestuur en bewaring van die omgewing kan voorskryf op 'n praktiese wyse.[209]

Agenda 21 kan deur plaaslike regerings in werking gestel en geïmplimenteer word op die wyse soos bedoel in hoofstuk 28[210] van Agenda 21 deur die plaaslike gemeenskap te betrek wat besighede, skoliere, vrouens, universiteite en boere insluit.

---

[208] Cotter ea (red) *Our Community our Future* 13.
[209] Sien hoofstuk 5.
[210] Sien 2.3.

Water, plante, diere disinvesteer in die spesie mens
tot sy ekonomie verdwyn vanweë 'n leë spens;
dan hensop hy- bedreigd –voor die eko-gemeenskap:
en in woestyne bruis waters en sing die sens.

H.J.C Pieterse [211]

---

[211] Marais (red) *Groen* 47.

teen handel in gevaarlike afval, onder verdenking kom.[216] 'n Oplossing is dat 'n geskrewe dokument die afval moet vergesel vanaf ontstaan tot en met verwydering en berging daarvan. Die Verenigde State van Amerika implimenteer hierdie werkswyse reeds vanaf 1980.[217]

In Europa het 'n probleem byvoorbeeld ontstaan deurdat dromme vol chemikalieë per trein vanaf Oostenryk na Tsjeggoslovakye vervoer is. Poland het ontdek dat die dromme vol afval chemikalieë was en daarom het Poland die ontvangs van die dromme geweier. Oostenryk wou nie die dromme vol gevaarlike afval terugneem nie, aangesien dit Oostenryk reeds verlaat het en nie as afval beskou is nie.[218]

'n Oplossing om verdere verskynsels soos bogenoemde te vermy, is deur die Europese gemeenskap geskep deur die *Basel Convention on the Control of Transboundary Movements of Hazardous Wastes and their Disposal* wat bepaal dat alle afval wat nie deur die land wat dit ontvang veilig verwerk kan word nie, terug geneem moet word deur die land van herkoms.[219] Hierdie konvensie het op 5 Mei 1992 in werking getree.[220] Die *Basel Covention on the Control of Transboundary Movements of Hazardous Wastes and their Disposal* bepaal verder ook dat die land wat die onveilige afval versend die land wat die afval ontvang in kennis moet stel van alle gesondheid en omgewingsgevare met betrekking tot die skeepsvrag, onveilige afval asook die veilige verwerking daarvan.[221]

Die Afrika lande was veral bekommerd oor die ontwikkelende lande wat as stortingsterrein vir onveilige afval gebruik sou word.[222] In Mei 1988 het die Organisasie vir Afrika Eenheid 'n ooreenkoms gesluit wat die invoer van onveilige afval verbied.[223] Hierdie ooreenkoms heet die *Bamako Accord*.[224]

---

[216] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxxi.
[217] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxxi.
[218] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxxii.
[219] Weiss, Szasz en Magraw *Basic Instruments* 601.
[220] Hunter, Salzman en Dunwood *International Environmental Law and Policy* 862.
[221] Swanson en Johnston *Global Environmental Problems* 70.
[222] Weiss, Szasz en Magraw *Basic Instruments* 601.
[223] Weiss, Szasz en Magraw *Basic Instruments* 601.

Die mate waartoe handel die omgewing benadeel word in 'n mate beperk deurdat produkte tot voordeel van die natuur in 'n meerdere mate beskikbaar is en gemerk word as omgewingsvriendelik, herwinbaar of biodegradeerbaar.[225]

Hoofstuk 19 van Agenda 21 bepaal dat giftige chemikalieë op 'n omgewingsvriendelike wyse bestuur moet word en ook dat onwettige internasionale handel in giftige en gevaarlike produkte beheer en bestuur moet word.[226]

Die rol wat plaaslike regerings in hierdie verband kan speel is om die plaaslike gemeenskap in te lig oor die gevare rondom houers waarin gevaarlike chemikalieë geberg word. Plaaslike regerings kan verder toesien dat werkgewers hul werknemers inlig rondom die gesondheids en omgewingsgevare wat gepaard gaan met die hantering en verwerking van giftige afvalprodukte. Die water en grondgehalte rondom die gebiede waar gitige afvalstowwe hanteer word moet deur die gesondheidsdepartement binne die toepaslike jurisdiksiegebied, getoets en gemonitor word ten einde te verseker dat die plaaslike gemeenskap en die omgewing nie in gevaar gestel word nie.

Agenda 21 plaas 'n beroep op die mensdom om in die algemeen volhoubare produksie te bevorder en sodoende verantwoordelike entrepreneurskap toe te pas.[227] Die oogmerk van Agenda 21 is juis om ekonomiese ontwikkeling op volhoubare wyse met betrekking tot die natuur toe te pas.

Plaaslike regerings kan 'n rol speel ter bevordering van volhoubare handel deurdat fabrieke en ander besighede gemonitor kan word om te verseker dat handel op die mees volhoubare wyse plaasvind. Plaaslike regerings kan verder ook die plaaslike gemeenskap inlig met betrekking tot watter produkte omgewingsvriendelik is. Besighede moet aangemoedig word om verbruikers se aandag te vestig op produkte wat omgewingsvriendelik is deur inruilwaarde vir herwinbare produkte soos glasbottels.

---

[224] Swanson en Johnston *Global Environmental Problems* 70.
[225] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxxii.
[226] Quarrie (red) *Earth Summit* 172.
[227] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxxiii.

Plastieksakke word vanaf 9 Maart 2003 verkoop en is derhalwe nie meer gratis beskikbaar nie.[228]

Herwinning van plastiek, alluminium, papier en glas sal ook 'n geweldige bydrae maak tot volhoubare ontwikkeling. Plaaslike regerings moet op sekere plekke soos voor groot inkopiesentrums of naby woongebiede groot houers aanbring waar die plaaslike gemeenskap plastiek items, aluminium blikke, glasbottels en papier in afsonderlike houers kan ingooi ten einde die produkte te herwin. Herwinningsaanlegte kan gebruik word as werksverskaffingsgeleenthede.

### 4.3 Energie

Energie word daagliks gebruik vir elektrisiteit, verhitting, verkoeling, kosmaak, vervoer en industriële gebruik. Dit maak die energiebeleid 'n knelpunt in terme van omgewingsbewaring.[229] Die enigste energiebron wat tans internasionaal gereguleer word is atomiese energie deur die *International Atomic Energy Agency in Vienna, Paris Convention on Third Party Liability in the Field of Nuclear Energy* van 1960 en 1963 en die 1986 *Convention on Early Notification and on Assistance* met betrekking tot kernkrag.[230]

Olie, kool en natuurlike gas stel besoedelingselemente vry in die atmosfeer, asook koolstofmonoksied wat 'n knelpunt met betrekking tot die groenhuiseffek meebring.[231] Die *Convention on Climate Change* wat in 1992 in Rio de Janeiro tot stand gekom het, het ten doel om die groenhuisgasemissies te stabiliseer.[232] Die grootste deel van die wêreld se bevolking gebruik hout as primêre bron van brandstof, maar ongelukkig word plantasies en woude nie deurgans herplant nie.[233] Die herplanting van plantasies het 'n

[228] Departement van Omgewingsake en Toerisme http:www.environment.gov.za 1 Jul.
[229] Birnie en Boyle *International Law and the Environment* 387.
[230] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxxiii.
[231] Sien 3.2.2.
[232] Sand *Transnational Environmental Law* 64.
[233] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxxiii.

drieledige doel naamlik nuwe houtbronne word geskep, woude word nie uitgewis nie en $CO_2$ word vanuit die atmosfeer opgeneem.[234]

Sonkrag word ook nog nie juis aangewend nie, selfs nie eens in lande waar daar baie sonskyn voorkom nie.[235] Waterkrag word wyd aangewend en omgewingswette en omgewingsimpakstudies (EIA)[236] speel 'n groot rol by die bou van nuwe damme en reservoirs ten einde te verseker dat water volhoubaar bestuur word.[237]

Plaaslike regerings het ook 'n groot rol te speel met betrekking tot die verbruik van energie, deurdat munisipaliteite byvoorbeeld daarop moet let dat straatligte nie bedags aangeskakel is nie, dat waterpype en krane wat lek herstel word en deur die bevordering en implimentering van son, water en windkrag as energiebron.

## 4.4 Menseregte

Die basis van menseregte is die reg op lewe en daarom moet omgewingsdimensies met betrekking tot mense regte meer eksplisiet gestel word.[238] Die mees verreikende reg met betrekking tot die omgewingsreg is die erkenning van die mens se reg op 'n skoon en gesonde omgewing.[239]

Die moderne paradigma van menslike ontwikkeling fokus op regte as 'n wyse van ontwikkeling eerder as om te fokus op mens self te plaas.[240] Die staat is verplig om die menslike ontwikkeling van sy burgers te bevorder.[241] Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996[242] noem nie die reg op ontwikkeling eksplisiet nie[243], maar

---

[234] Nanda *Environmental Law and Policy* 244 en 3.2.4 hierbo.
[235] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxxiv.
[236] Sien 5.4.
[237] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxxiv.
[238] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxxiv.
[239] Birnie en Boyle *International Law and the Environment* 190.
[240] Scheepers *Law and Development* 16.
[241] Scheepers *Law and Development* 17.
[242] Hierna *Grondwet* genoem.
[243] Scheepers *Law and Development* 17.

beskerm die reg op menslike integriteit (artikel 10), gelykheid (artikel 9) en ook die reg die reg op 'n omgewing wat nie die gesondheid en welstand van mense op 'n negatiewe wyse raak nie (artikel 24).[244]

## 4.5 Toekomstige uitdagings

Volhoubare toekomstige ontwikkeling sal slegs kan plaasvind indien internasionale omgewingsreg afgedwing word en state toesien dat Agenda 21 se beginsels toegepas word.[245]

Ten einde die mens se ekonomiese vooruitgang te verseker kan toekomstige ontwikkeling nie gestuit word nie. Ontwikkeling in die toekoms behoort op so 'n wyse plaas te vind dat dit volhoubaar is ten einde te verseker dat die toekomstige geslagte ook die natuur sal kan benut ten einde menslike voortbestaan te verseker.

## 4.6 Gevolgtrekking

Ontwikkeling wat handel, energie, menseregte en toekomstige ontwikkeling insluit moet binne die raamwerk van Agenda 21 aangewend word.

Handel moet op 'n volhoubare wyse geskied deurdat alle produkte herwinbaar of biogradeerbaar moet wees. Alle produkte moet verder sover moontlik herwinbaar wees. Maatskappye moet sover gaan as om produkte wat herwin word terug te koop, wat derhalwe tot aansporing van plaaslike gemeenskappe sal dien, omdat hul geld sal terugkry. Daar moet daadwerklik teen persone opgetree word wat handel dryf in bedreigde spesies of giftige stowwe. Mense sal eers afgeskrik word om handel op hierdie wyses te staak mits daar voorbeelde gemaak word van oortreders deur die oplegging van boetes of ander strawwe.

244 Sien 5.2.2.
245 Robinson (red) *Earth's Action Plan* xxxv.

Die media kan hier 'n belangrike rol speel deurdat die vastrek van persone wat misdrywe teen die omgewing pleeg asook die strawwe wat opgelê word in koerante te publiseer en op televisienuus uit te saai.

Toekomstige ontwikkeling moet vanuit die staanspoor binne die raamwerk van volhoubare ontwikkeling geskied, ten einde te verseker dat die mens se voortbestaan en ontwikkeling nie gestuit word nie. Ontwikkeling moet egter op so 'n wyse geskied dat natuurlike hulpbronne verantwoordelik benut en bestuur word ten einde te verseker dat toekomstige geslagte ook voordeel kan trek uit die omgewing ten einde ook verder te kan ontwikkel en leef.

En moenie kô sê

darrie environment
innie wide open spaces van Afrika issie:

djy't niks jaart oor
wat nog groen is
want orals is net konkriet en klip,
servants, quarters en dabbel garages.

Peter Snyders [246]

---

[246] Marais (red) *Groen* 58.

# Hoofstuk 5

# Plaaslike regerings

## 5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die rol van plaaslike regerings in Suid-Afrikaanse konteks bespreek aan die hand van wetgewing en hofsake.

Die *Grondwet*[247] plaas 'n verpligting op plaaslike regerings om te verseker dat aan onder meer die basiese behoeftes van plaaslike gemeenskappe voldoen word.

Wetgewing word bespreek wat die volhoubare benutting van lewende hulpbronne bepaal asook wetgewing wat verseker dat daar aan die basiese behoeftes van Suid-Afrikaanseburgers voldoen word.[248]

## 5.2 *Grondwet*[249]

### 5.2.1 Plaaslike regerings

Plaaslike regerings is 'n skepping[250] van die *Grondwet*. Plaaslike owerhede moet binne die raamwerk van hul finansiële en administratiewe bevoegdhede streef na die bevordering van demokrasie en 'n betroubare owerheid vir die gemeenskap asook dienslewering op 'n volhoubare wyse.[251] Bevordering van sosiale en ekonomiese ontwikkeling asook 'n veilige en gesonde omgewing vorm deel van die plaaslike regering se verpligtinge.[252] Artikel 152(1)(e) bepaal dat die gemeenskap aangemoedig moet word om betrokke te wees by hul plaaslike regerings ten opsigte van sosiale en ekonomiese ontwikkeling asook die verbetering van die omgewing .

---

247 Sien 5.2.
248 Sien 5.3.
249 Hierna die *Grondwet* genoem.
250 Bayat, Ismail en Meyer *Local Government Management* 66.
251 Artikel 152(1)(a) en (b) van die *Grondwet*.
252 Artikel 152(1)(c ) en (d) van die *Grondwet*.

Artikel 155 van die *Grondwet* handel oor die oprigting van munisipaliteite. Subartikel 6(a) bepaal dat provinsiale regerings, munisipaliteite moet oprig binne die provinsie wat ondersteun en gemonitor moet word. Subartikel 7 bepaal dat provinsiale regerings wetgewende en uitvoerende gesag oor munisipaliteite het ten einde te verseker dat die Skedule 4 en 5 verpligtinge nagekom word. Munisipaliteite het in terme van artikel 156(1) uitvoerende gesag en die reg op administrasie van Bylae 4 en 5.[253]

Bylaag 4, deel B van die *Grondwet* lys plaaslike owerheidaangeleenthede soos onder andere lugbesoedeling, bouregulasies, elektrisiteit en gasbenutting, plaaslike toerisme, handelsregulasies en water en sanitasiedienste.

Bylaag 5, deel B bevat 'n lys van funksionele plaaslike owerheidsaangeleenthede wat onder andere strande, vullisverwydering, vullisstorting en vaste afvalstowwe verwydering, opruiming, munisipale parke, rekreasie asook plaaslike sportfasiliteite insluit.

'n Munisipale raad het die bevoegdheid om verordeninge te maak rakende skedule 4 en 5.[254] Artikel 162 bepaal dat munisipale verordeninge in die *Offisiële Koerant* van die provinsie gepubliseer moet word en toeganklik vir die publiek moet wees.[255]

Die vertroue wat die gemeenskap in 'n plaaslike owerheid stel, sal in gedrang kom indien die dienste soos bepaal in Bylae 4 en 5 van die *Grondwet*, nie gelewer word nie.[256] Aangesien daar ook nie van plaaslike owerhede vanuit die staanspoor verwag kan word dat hul al die dienste self moet lewer nie, moet die nasionale en

---

[253] Sien 5.2.3.
[254] Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 276-277.
[255] Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 277 vn 58.
[256] Bayat, Ismail en Meyer *Local Government Management* 67.

plaaslike owerhede hulp verleen (artikel 154(1) ).[257] Artikel 139(1) bepaal dat die betrokke provinsiale regering mag ingryp deur van gepaste stappe gebruik te maak indien 'n munisipaliteit nie sy uitvoerende pligte nakom nie.[258]

Onder die omgewingsfunksie val die beskerming van die omgewing met betrekking tot besoedelingskontrole, bewaring en vullisopgaring.[259] Die omgewingsfunksie strek verder deurdat die fisiese omgewing en natuurlike hulpbronne binne die plaaslike owerheid se jurisduksiegebied ook bewaar moet word.[260]

Artikel 153[261] bepaal dat plaaslike regerings eie inisiatief kan neem ten opsigte van plaaslike regeringsaangeleenthede van sy gemeenskap onderhewig aan provinsiale- en nasionale wetgewing. Artikel 41(1)(e) en (g) van die *Grondwet* bepaal dat die verskillende regeringsvlakke mekaar moet repekteer met inagneming van grondwetlike status, instellings, magte en funksies asook die verbod op inbreukmaking op mekaar se geografiese, funksionele en institutionele integriteit.[262]

Alhoewel plaaslike regerings verteenwoordiging in die Nasionale Raad van Provinsies geniet, word slegs 10 verteenwoordigers aangewys wat aan die verrigtinge mag deelneem maar nie mag stem nie.[263] Munisipaliteite se outonomie word beperk deurdat vordering ondergeskik is aan nasionale en provinsiale wetgewing.[264]

Die *Grondwet* bepaal in artikel 151(1) dat daar plaaslike regerings vir die hele Republiek ingestel moet word.[265] In artikel 155(1) maak die *Grondwet* voorsiening

---

[257] Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 272.
[258] Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 274.
[259] Bayat, Ismail en Meyer *Local Government Management* 69.
[260] Bayat, Ismail en Meyer *Local Government Management 69.*
[261] Sien 5.2.3.
[262] Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 271.
[263] Artikel 67 van die *Grondwet.*
[264] Artikel 156(3) en 151(3) van die *Grondwet.*
[265] Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 275.

vir drie kategorieë munisipaliteite.[266] Eerstens munisipaliteite met eksklusiewe wetgewende en uitvoerende bevoegdheid binne in munisipale gebiede (plaaslike rade of stadsrade). Tweedens munisipaliteite wat die wetgewende en uitvoerende bevoegdheid met 'n groter munisipaliteit deel (plaaslike rade wat binne metroplitaanse of distriksrade geleë is). Die derde kategorie is 'n gebied wat meer as een munisipaliteit insluit soos die tweede kategorie waar die munisipaliteite wetgewende en uitvoerende gesag het oor die tweede kategorie munisipaliteit (metropolitaanse en distriksrade).

5.2.2 Sosio-ekonomiese regte ten opsigte van die omgewing

In terme van artikel 24[267] van die *Grondwet*[268] het elke mens die reg op 'n omgewing wat nie skadelik is vir menslike gesondheid of welsyn nie. Verder moet redelike wetgewing opgestel word[269] asook die nodige maatreëls om die omgewing te bewaar met betrekking tot die voorkoming van besoedeling en ekologiese agteruitgang, bevordering van bewaring en die versekering van volhoubare ontwikkeling ten einde 'n gesonde omgewing te bewerkstellig.[270]

Die reg op 'n skoon omgewing val onder derde-generasie regte wat normaalweg 'n groep toekom.[271] Uit artikel 24(a) blyk dit duidelik dat die reg op 'n skoon omgewing die individu toekom[272] en is derhalwe 'n fundamentele reg.[273]

Artikel 24(b) plaas 'n positiewe verpligting op die staat om die omgewing te beskerm deur volhoubare ontwikkeling wat van groot belang vir Suid-Afrika is omdat dit 'n ontwikkelende land is.[274] Artikel 24(b) is 'n sosio-ekonomiese reg.[275]

---

[266] Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 279.
[267] Sien ook 5.2.3.
[268] Sien 5.3.4.
[269] Sien ook 5.3.
[270] *Myburgh Park Langebaan v Langebaan Municipality* 2001 K 1144.
[271] De Waal, Curie en Erasmus *Bill of Rights Handbook* 403.
[272] De Waal, Curie en Erasmus *Bill of Rights Handbook* 403.
[273] Bradfield (red) ea *Environmental Justice and the Legal Process* 6.
[274] De Waal, Curie en Erasmus *Bill of Rights Handbook* 403.
[275] Bradfield (red) ea *Environmental Justice and the Legal System* 6.

Die staat se verpligting om die omgewing te bewaar kan bereik word deur wetgewing en administrasie wat besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom, bewaring en volhoubare ontwikkeling met inagnemming van natuurlike hulpbronne ten einde sosiale en ekonomiese ontwikkeling te bevorder.[276] Indien die staat en dus die plaaslike owerheid nie artikel 24(b) nakom nie, word daar op individue se regte inbreuk gemaak.[277]

Alhoewel Suid-Afrika genoeg wetgewing met betrekking tot die beskerming van die omgewing het is die probleem dat afdwinging nog oneffektief is deurdat strafmaatreëls met betrekking tot besoedeling nie streng genoeg toegepas word om oortreders vas te vat nie.[278]

In die *Minister of Public Works v Kyalami Ridge Environmental Association*[279] is die inwoners van Alexandra haweloos gelaat weens vloede en het in haglike, beknopte en ongesonde omstandighede weens vloede geleef. Die staat het 'n besluit geneem om tussentydse kampe op te rig op staatsgrond by die Leeuwkop gevangenis en die mense in tydelike kampe te vestig.[280] Die inwoners van Kyalami het aansoek om 'n interdik gedoen om te verhoed dat die kampe opgerig word aangesien hul nie geken is in die aangeleentheid nie.[281] Die inwoners van Leeuwkop het onder meer gesteun op artikel 2(4)(g) en (k) van die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998[282] wat bepaal dat besluite die behoeftes van belanghebbende sowel as geaffekteerde partye in ag moet neem en ook dat besluite op 'n openlike en deursigtige wyse geneem moet word.[283] Die Hooggeregshof het ten gunste van die inwoners van Kyalami beslis aangesien die tussentydse kampe vir vloedslagoffers op 'n deurlopende basis gebruik sou word en

---

276 De Waal, Curie en Erasmus *Bill of Rights Handbook* 406.
277 De Waal, Curie en Erasmus *Bill of Rights Handbook* 406.
278 De Waal, Curie en Erasmus *Bill of Rights Handbook* 302.
279 *Minister of Public Works v Kyalami R idge Environmental Association* 2001 KH 1184-1166.
280 1153 I-J en 1154 A.
281 1156 C-E.
282 Sien ook 5.3.1.
283 1156 F-H.

het verder beslis dat die minister van openbare werke die besluit moes heroorweeg en die inwoners van Kayalami moes betrek.[284]

Die hawelose inwoners van Alexandra het teen die beslissing geappélleer en hul aanoek voor die Konstitisionele Hof gebring.[285] Die Konstitsionele Hof het beslis dat die plaaslike regering besluit het om die vloedslagoffers by te staan soos in terme van artikel 24 en 27 van die *Grondwet*[286] bepaal word. Artikel 26[287] bepaal voorts ook dat elkeen die reg op voldoende behuising het en dat die staat redelike wetgewende en ander maatreëls moet tref om aan hierdie sosio-ekonomiese reg te voldoen.[288] Die Konstitisionele Hof het die appél toegestaan.[289]

Artikel 27 (1)(b) bepaal dat alle mense die reg op voldoende water het.[290] Die staat moet met betrekking tot die beskikbare middele en wat daarmee verwesenlik kan word die reg progressief bevorder,[291] aangesien water 'n komponent is in terme van standaard lewenswyse.[292] Plaaslike regerings word dus ook hierdie verpligting op gelê kragtens die Konstitisionele Hof.[293]

5.2.3 *Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture* 117 van 1998

In die aanhef word bepaal dat daar voorsiening gemaak moet word vir munisipaliteite ooreenkomstig die vereistes met betrekking tot kategorieë munisipaliteite asook die gepaste verdeling van funksies.

Artikel 2 bepaal dat gebiede met 'n hoë bevolkingsdigtheid, grootskaalse beweging van mense, dienste en goedere, veelvuldige sakekerns en industriële gebiede 'n

---

[284] 1154 E-G.
[285] 1154 H.
[286] Sien ook 5.2.3.
[287] Sien ook 5.2.3 en 5.3.8.
[288] Bradfield (red) ea *Environmental Justice and the Legal Process* 229 en sien 4.4.
[289] 1188 C-D.
[290] Sien ook 5.3.4 en 5.3.5.
[291] Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* 337.
[292] De Waal, Curie en Erasmus *Bill of Rights Handbook* 448.
[293] *Wet op Plaaslike Regerings Munisipale Stelsels* 32 van 2000 in artikel 23(1)(c).

kategorie A munisipaliteit moet hê. Kategorie B en C munisipaliteite word in artikel 3 beskryf as munisipaliteite wat nie aan die maatstawwe soos beskryf in artikel 2 voldoen nie.

Die LUR vir plaaslike regering in 'n provinsie moet by kennisgewing die Provinsiale Koerant 'n munisipaliteit instel in elke munisipale gebied, welke kennnisgewing onder andere moet spesifiseer welke kategorie munisipaliteit ingestel word, soort munisipaliteit, grense, naam van munisipaliteit asook getal raadslede.[294]

Elke munisipaliteit moet 'n munisipale raad hê, welke munisipaliteit minstens kwartaaliks moet vergader.[295] Munisipale rade word saamgestel uit 'n aantal raadslede wat deur die LUR vir plaaslike regering in die *Offisiële Koerant* per kennisgewing bekend gemaak word.[296]

Artikel 19 bepaal die oogmerke van 'n munisipale raad moet wees om te streef na die verwesenliking om binne sy finansiële en administratiewe vermoë aan die oogmerke van artikel 152 van die *Grondwet* te voldoen.[297] 'n Munisipale raad moet bepaal wat die behoeftes van die gemeenskap is, die gemeenskapsbehoeftes bevredig, deur middel van werkswyses die gemeenskap betrek en sy algehele prestasie hersien en meet aan artikel 152 van die *Grondwet.*[298]

Die getal raadslede hang af van die grootte van die munisipliteit.[299] Artikel 20 bepaal dat 'n munisipale raad uit minstens drie lede moet bestaan, maar ook nie meer as negentig raadslede nie, indien dit 'n plaaslike of distriksmunisipaliteit is en mag nie uit meer as twee honderd en sewentig raadslede bestaan indien dit 'n metropolitaanse munisipaliteit is nie.

---

[294] Artikel 12.
[295] Artikel 18(1) en (2).
[296] Artikel 18(3).
[297] Sien 5.2.1.
[298] Artikel 19(2).
[299] Artikel 20(1).

'n Munisipale raad moet bevoegdhede verdeel en delegeer aan sy uitvoerende komitee, uitvoerende burgermeester, metropolitaanse subrade, wykskomitees, ander komitees asook die munisipale bestuurder of enige ander beamptes, soos van toepassing op elke afsonderlike munisipaliteit.[300]

Artikel 23 bepaal dat munisipaliteite ontwikkelingsgerigte beplanning moet onderneem ten einde die oogmerke vir plaaslike regerings soos uiteengesit in artikel 152[301] van die *Grondwet* te bereik.

In artikel 23(1)(b) word daar bepaal dat munisipaliteite gevolg moet gee aan sy ontwikkelingspligte soos wat artikel 153[302] van die *Grondwet* vereis, deur middel van ontwikkelingsgerigte beplanning.

Die fundamentele regte[303] soos vervat in artikels 24 tot 27 en 29 van die *Grondwet* moet deur die staatsorgane wat munisipaliteite insluit verwesenlik word.[304]

Artikel 24 bepaal dat munisipaliteite hul beplanning op so 'n wyse moet doen dat ander geaffekteerde munisipaliteite en staatsorgane in lyn met die ontwikkelingsplanne en strategieë te bring ten einde die beginsel van samewerkende regering tot gevolg te hê.[305]

Artikel 73(1) bepaal dat munisipaliteite gevolg moet gee aan die bepalings van die *Grondwet* deur voorkeur te verleen aan die basiese behoeftes van die gemeenskap, ontwikkeling van die gemeenskap te bevorder en te verseker dat alle lede van die plaaslike gemeenskap ten minste toegang het tot die minimum vlak van basiese munisipale dienste.

---

[300] Artikel 32.
[301] Sien 5.2.1.
[302] Sien 5.2.1.
[303] Sien 5.2.2.
[304] Artikel 23(1)(c).
[305] Artikel 41.

Munisipale dienste moet billik en toegangklik wees, verskaf word op 'n wyse wat bevorderlik is vir die verstandige, ekonomiese, doelmatige en effektiewe gebruik van beskikbare hulpbronne en ook vir die verbetering van gehalte en standaarde met die verloop van tyd.[306]

Finansiële volhoubaarheid asook omgewingsvolhoubaarheid moet as doelwit gestel word by die lewering van munisipale dienste.[307]

Artikel 83 bepaal dat munisipaliteite aan artikel 156 van die *Grondwet* moet voldoen wat beteken dat munisipaliteite uitvoerende gesag het ten opsigte van Bylae 4 en 5 van die *Grondwet*.[308] Artikel 83(3) bepaal dat munisipaliteite daarna moet streef om geïntegreerde, volhoubare en billike sosiaal-ekonomiese ontwikkeling van sy gebied in geheel te verwesenlik. Die verwesenliking van die oogmerk soos bepaal in artikel 83(3) is om ontwikkelingsbeplanning vir die streek in geheel te verseker, om die kapasiteit van plaaslike munisipaliteite te bou ten einde hul funksies te kan verrig en ook om kapasiteit te bou waar dit ontbreek en laastens om billike verspreiding van hulpbronne tussen plaaslike munisipaliteite te bevorder.[309]

Munisipaliteite het 'n aantal funksies en bevoedhede wat in artikel 84 saamgevat is. Die funksies en verpligtinge sluit onder meer in die grootmaatwatervoorsiening, grootmaatvoorsiening van elektrisiteit, rioolsuiweringswerke, wegdoening van vaste afval, instandhouding van paaie, munisipale lughawens, munisipale gesondheidsdienste, brandbestryding, begraafplase, toerisme asook invordering van belastings en heffings.[310]

---

[306] Artikel 73(2)(a) en (b).
[307] Artikel 73(2)(c) en (d).
[308] Sien 5.2.1.
[309] Artikel 83(3)(a)-(d).
[310] Artikel 84(1).

Plaaslike regerings volg *IDPs* (*Integrated Development Planning*)[311] wat strategiese beplanning is om beter dienste aan die gemeenskap te lewer.[312]

5.2.4 *Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels* 32 van 2000

In die aanhef van die wet word voorsiening gemaak vir kernbeginsels, kernmeganismes en kernprosesse van munisipaliteite met betrekking tot maatskaplike en ekonomiese opheffing van plaaslike gemeenskappe in harmonie met hul omgewing. Munisipale moet bemagtig word om progressief te beweeg na sosiale en ekonomiese opheffing van gemeenskappe deur voorsiening van basiese dienste in die besonder aan armes en benadeeldes.

Die regsaard van munisipaliteite word deur hierdie wet omskryf met betrekking tot bevoegdhede, funksies en voorsiening vir gemeenskapsdeelname. Die regsaard van 'n munisipaliteit is 'n staatsorgaan wat binne die plaaslike regeringsfeer wetgewende en uitvoerende gesag uitoefen binne 'n gebied en wat bestaan uit politieke strukture en administrasie asook die gemeenskap van die munisipaliteit.[313]

'n Munisipaliteit funksioneer binne sy gebied ooreenkomstig politieke, statutêre en ander verhoudings.[314] Artikel 2(d) bepaal dat 'n munisipaliteit 'n afsonderlike regspersoonlikheid het wat die aanspreeklikheid van sy gemeenskap vir die handelinge van die munisipaliteit uitsluit.

Artikel 3 bepaal dat munisipaliteite hul uitvoerende en wetgewende gesag moet uitoefen in terme van samewerkende regering soos in artikel 41 van die *Grondwet* bedoel word. Artikel 3(3) bepaal dat vir die doeleindes van effektiewe samewerkende regering moet plaaslike regerings daarna streef om gemeenskaplike benaderings te ontwikkel vir plaaslike regering as 'n afsonderlike regeringsfeer,

[311] Sien 5.2.4.
[312] Coetzee *IDP* 9.
[313] Artikel 2.
[314] Artikel 2(c).

wedersydse bystand en die deel van hulpbronne tussen munisipaliteite, oplossings van probleme van toepassing op plaaslike regering asook die gebruik en genot van openbare geriewe.

Die lede van die plaaslike gemeenskap het die verpligting dat hul in die uitoefening van hul regte ook die prosesse en prosedures van die munisipaliteit nakom.[315] Die plaaslike gemeenskap het ook die verpligting om die opgelegde dienstegelde, belastings, heffings en aksyns stiptelik te betaal.[316] Munisipale amptenare moet ook redelike toegang tot die gemeenskap se eiendom gegee word ten einde hul munisipale funksies te verrig.[317] Die plaaslike gemeenskap moet ook die toepaslike verordeninge van die munisipaliteit na te kom.[318]

Die regte en verpligtinge van munisipale rade word in artikel 4(1)(a-c) en (2)(a-d) vervat. Die regte en verpligtinge sluit in dat die plaaslike gemeenskap se regeringsaangeleenthede op eie inisiatief bestuur word. Uitvoerende en wetgewende gesag van munisipaliteite moet op so 'n wyse uitgevoer word dat dit nie onbehoorlik inmeng met ander munisipaliteite nie. Munisipaliteite word gefinansier deur gelde vir dienste gehef asook belasting, heffings en aksyns. Munisipale hulpbronne moet in die beste belang van die plaaslike gemeenskap aangewend word. Gemeenskapsbetrokkenheid moet deur plaaslike regerings aangemoedig word. Munisipale dienste moet op finansieël en omgewingsvolhoubare wyse aan die plaaslike gemeenskap verskaf word.[319]

Munisipale administrasie moet op die behoeftes van die plaaslike munisipaliteit reageer, 'n kultuur skep van openabare diens en verantwoordbaarheid teenoor die gemeenskap, korrupsie voorkom, verhoudings bou om samewerking en kommunikasie met die plaaslike gemeenskap te fasiliteer, verskaffing van volledige

[315] Artikel 2(a).
[316] Artikel 2(b).
[317] Artikel 2(d).
[318] Artikel 2(e).
[319] Artikel 4(2)(d).

en akkurate inligting aan die gemeenskap en ook die gemeenskap inlig oor die wyse waarop die munisipaliteit bestuur word.[320]

Artikel 11 bepaal dat die uitvoerende en wetgewende gesag slegs binne elke munisipaliteit se grense uitgeoefen mag word tensy skriftelike toestemming deur 'n ander munisipalteit verskaf word. Dit sluit in ontwikkeling van aanvaarbare beleid, planne, strategieë en programme, asook bevordering en onderneming van ontwikkeling en verskaffing van munisipale dienste aan die gemeenskap.

In artikel 16 word bepaal dat die plaaslike gemeenskap deur die munisipaliteit aangemoedig moet word om deel te neem aan die sake en besluite van die muisipaliteit waarbinne hul woon.

'n Munisipaliteit moet prosesse en prosedures instel wat die plaaslike gemeenskap aanmoedig om deel te neem aan munisipale besluite deurdat plaaslike gemeenskappe die geleentheid gegun moet word om petisies en klagtes te rig, toegang tot alle inligting te hê en daar moet ook aan die gemeenskap terug gerapporteer word.[321] Munisipaliteite moet ook spesiale behoeftes soos ongeletterheid, gestremdhede, benadeelde groepe en vrouens in ag neem by die betrek van die gemeenskap by munisipale beluite.[322]

Inligting rakende beskikbare meganismes, prosesse en prosedures, aangeleenthede waarby gemeenskapsdeelname versoek word, regte en verpligtinge sowel as munisipale regering, bestuur en ontwikkeling moet aan die gemeenskap meegedeel word.[323] Artikel 18(2) bepaal dat die bekendmaking die taalvoorkeur van die gemeenskap in ag neem sowel as die behoeftes van ongeletterde mense van die gemeenskap.

---

[320] Artikel 6.
[321] Artikel 17(2).
[322] Artikel 17(3).
[323] Artikel 18.

Artikel 23(1)(a) bepaal dat munisipaliteite ontwikkelingsgerigte beplanning moet onderneem ten einde te verseker dat die oogmerke van artikel 152[324] van die *Grondwet* verwesenlik word en subartikel (b) bepaal dat die ontwikkelingspligte soos vervat in artikel 153[325] van die *Grondwet* aan gevolg gegee moet word.

Artikel 23(1)(c) bepaal dat munisipaliteite in samewerking met ander staatsorgane (artikel 41) moet bydra tot die progressiewe verwesenliking van die fundamentele regte soos vervat in artikels 24[326], 25[327], 26[328], 27[329] en 29[330] van die *Grondwet.*

Munisipale beplanning en samewerkende regering word in artikel 24 wat bepaal dat munisipaliteite en ander staatsorgane moet voldoen aan artikel 41 van die *Grondwet* wat ten doel het om 'n samewerkende regering te bewerkstellig.[331]

*IDP*[332] is 'n proses waardeer munisispaliteite strategiese ontwikkelingsplanne vir 'n vyf jaar periode voorberei. Dit is die hoof beplanningsinstrument wat leiding verleen met betrekking tot alle beplanning, bestuur, ontwikkeling en implementering van aksies en besluite van toepassing op plaaslike regerings.[333]

*IDP* kan gesien word as Suid-Afrika se beplanning en ontwikkelingsbeginseld ten opsigte van *Local Agenda 21.*[334] Die *IDP*-proses verseker oplossing van byvoorbeeld armoede deur die integrasie van sosiale, ekonomiese en omgewingsprobleme.[335]

---

[324] Sien 5.2.1.
[325] Sien 5.2.1.
[326] Die reg op 'n veilige en skoon omgewing.
[327] Die reg op eiendom.
[328] Die reg op behuising.
[329] Die reg op gesondheidsorg, voedsel, water en sosiale sekuriteit.
[330] Die reg op onderwys en opleiding.
[331] Sien 5.2.1.
[332] Sien 5.2.3.
[333] Coetzee *IDP* 9.
[334] Coetzee *IDP* 11 en sien 6.1.3.
[335] Coetzee *IDP* 12.

*IDPs* en *Local Agenda 21* het verskeie faktore in gemeen soos die betrekking van die gemeenskap, analisering van probleemgebiede en so meer. *IDP* is egter 'n meer konkrete proses aangesien daar bepaal word watter probleemareas binne 'n munisipale gebied bestaan, welke oplossing daar is en watter fondse beskikbaar is. *IDP*-beginsels is derhalwe makliker uitvoerbaar en kan suksesvol geïmplimenteer word.

## 5.3 Suid-Afrikaanse wetgewing rakende die omgewing

### 5.3.1 *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998 (NEMA)

In die aanhef van NEMA word vermeld dat baie inwoners in Suid-Afrika in 'n omgewing woon wat vir hul gesondheid en welsyn skadelik is. In die aanhef staan ook verder dat elkeen die reg het op 'n omgewing wat nie skadelik vir sy of haar gesondheid is nie. Die plig rus op die Staat om die maatskaplike, ekonomiese en omgewingsregte van elkeen te respekteer, bevorder, beskerm en vervul en ook aan die basiese behoeftes van die voorheen benadeelde gemeenskappe te voldoen.[336]

Volhoubare ontwikkeling moet plaasvind deur die integrasie van maatskaplike, ekonomiese en omgewingsfaktore in die beplanning, implimentering en evaluering van beslissings te einde te verseker dat huidige en toekomstige gelagte by ontwikkeling sal baat vind.[337] Wetgewing en ander maatreëls moet besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom, bewaring bevorder en ekologies volhoubare ontwikkeling en aanwending van natuurlike hulpbronne verseker, maar ook terselftertyd ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling op 'n regverdigbare wyse bevorder.[338]

[336] Sien 5.2.2.
[337] Aanhef van NEMA.
[338] Aanhef van NEMA.

Artikel 24[339] bring die verantwoordelikheid mee om die natuurlike hulpbronne op 'n volhoubare wyse te gebruik.[340] Die ideaal is dus om ontwikkeling so te laat geskied dat die natuurlike hulpbronne onderhou word vir die hede sowel as vir die toekoms.[341] Die doel van die omgewingsreg is om hierdie regte en verpligtinge te balanseer.[342]

Die NEMA skryf beginsels voor vir die daarstelling van meganismes om te verseker dat uitvoering gegee word aan artikel 41(2) van die *Grondwet* deur as bewaarder van natuurlike hulpbronne en die omgewing op te tree.[343] Die staat erken die individu se maatskaplike, ekonomiese, en omgewingsregte in die aanhef van NEMA deur te streef na respektering, beskerming, bevordering en vervulling aan basiese behoeftes.

In artikel 2 van NEMA word bepaal dat alle sfere van die staat met betrekking tot die bestuur van die omgewing, geïntegreerde omgewingsbestuur moet toepas. Plaaslike Regerings is soos ander regeringsfere gebonde om die beginsels van Artikel 4(2) in alle besluitneming toe te pas. Die beginsels van NEMA soos vervat in artikel 2(4) kom ooreen met die beginsels van Agenda 21 naamlik sosiale en ekonomiese groei op 'n volhoubare wyse. Artikel 2(4)(a) spreek verskillende aspekte soos onder andere versteuring van ekosisteme, besoedeling en ontwikkeling aan. Artikel 2(4)(h) bepaal uitdruklik dat die welsyn en bemagtiging van die gemeenskap bevorder moet word deur gemeenskapsonderrig, bevordering van omgewingsbewustheid, die deel van kennis en ondervinding en ander gepaste wyses. Plaaslike regerings speel 'n belangrike rol in hierdie aangeleentheid aangesien dit meer prakties uitvoerbaar is om 'n plaaslike gemeenskap te onderrig aan die hand van artikel 2(4)(h) as om die taak op 'n provinsiale of nasionale vlak te bewerkstellig.

---

339 Sien 5.2.1.
340 Scheepers *Law and Development* 79.
341 Scheepers *Law and Development* 79.
342 Artikel 24.

In artikel 3 word die oogmerke van die Omgewingsadviesforum uiteengesit. Die oogmerke van die Omgewingsadviesforum is om die Minister in te lig omtrent die standpunte van belanghebbendes met betrekking tot die beginsels soos vermeld in artikel 2.[344] Artikel 3(2)(b) bepaal ook dat die Minister geadviseer moet word deur die Omgewingsadviesforum rakende omgewingsbestuur asook die beheer van die omgewing deur gepaste metodes om die beginsels van artikel 2 na te kom. Die samestelling van die forum word bepaal deur artikel 4. Die forum moet bestaan uit minstens 12 lede, maar nie meer as 15 lede nie. Die lede word deur die minister self aan gestel. Artikel 4(2) is in ooreenstemming met hoofstuk 24 tot 31 van *Agenda 21*.[345] Artikels 3 en 4 handel oor die instelling van 'n Nasionale Omgewingsforum wat onder andere saamgestel word uit belanghebbende partye, jeugdiges en vrouens. Lede wat derhalwe op die forum dien kan belangrike insette lewer binne die plaaslike regerings waar hul woon.

Artikel 12 handel oor die doel en oogmerke van omgewingsimplimentering en bestuursplanne. Artikel 12 handel derhalwe oor die bepaling of die ontwikkelingsaktiwiteite in harmonie is met goeie praktyke van omgewingsbestuur en of die besluite van die staat versoenbaar is met volhoubare ontwikkeling.
Die komitee bestaan uit onder andere die Direkteur-generaal van Omgewingsake en Toerisme as voorsitter, die Direkteur-generaal van Waterwese en Bosbou en die Direkteur-generaal van Landbou.[346]

Die inhoud van omgewingsimplimenteringsplanne word omskryf in artikel 13 van NEMA. Elke omgewingsimplimenteringsplan bevat 'n beskrywing van die beleid, planne en programme wat 'n beduidende invloed op die omgewing het.[347] Omgewingsimplimenteringsplanne moet ook duidelik beskryf op welke wyse die betrokke nasionale departement of provinsie sal verseker dat die beleid, planne en

[343] Scheepers *Law and Development* 80.
[344] Artikel 3(2)(a).
[345] Sien 2.3.
[346] Artikel 8(1).
[347] Artikel 13(1)(a).

programme sal voldoen aan die beginsels van artikel 2 van NEMA, ten einde die bevordering en beskerming van die omgewing te verseker.[348]

Die inhoud van omgewingsbestuursplanne word in artikel 14 van NEMA vervat. Artikel 14 bepaal dat elke omgewingsbestuursplan 'n beskrywing van die werksaamhede van elke betrokke staatsdepartement met betrekking tot die omgewingswerksaamhede moet vervat.[349]

Hoofstuk 5 van NEMA handel oor geïntegreerde omgewingsbestuur. Die doel van hoofstuk 5 is om die toepassing van geskikte omgewingsbestuurhulpmiddels te bevorder met die einddoel om geïntegreerde omgewingsbestuur te verseker.[350] Die algemene doel van geïntegreerde omgewingsbestuur is om die beginsels van artikel 2 van NEMA te bevorder by die neem van beslissings wat 'n beduidende uitwerking op die omgewing kan hê.[351]

Artikel 24 handel oor die implimentering van geïntegreerde omgewingsbestuur op so 'n wyse dat die potensiële inwerking op die omgewing, sosio-ekonomiese toestande en die kultuurerfenis oorweeg, ondersoek en vasgestel word voordat magtiging of toestemming tot 'n spesifieke aktiwiteit, deur 'n staatsorgaan gegee word.

Die prosedure waardeur internasionale ooreenkomste en verpligtinge waaraan Suid-Afrika gebonde is en in wetgewing omskep en in werking gestel moet word, word in artikel 25 bespreek. Omgewingsbestuur deur samewerkingsooreenkomste tussen die minister, provinsiale of plaaslike regering met enige ander persoon, gemeenskap of enige ander staatsorgaan om aan die beginsels van NEMA te voldoen, word gereël deur artikel 30(1)(c).

[348] Artikel 13(1)(b) en (c).
[349] Artikel 14(a).
[350] Artikel 23(1).
[351] Artikel 23(2)(a).

Wanneer daar twyfel is met betrekking tot watter staatsdepartement verantwoordelik is vir 'n spesifieke aspek van die omgewingsbestuur of waar staatsdepartemente nie saamwerk in terme van omgewingsbestuur nie, moet NEMA geraadpleeg word.[352]

Artikel 28 bepaal dat daar 'n plig op elke persoon rus om omgewingskade wat deur 'n individu of 'n groep veroorsaak is of gaan word reg te stel of te voorkom. Artikel 28 is ook van toepassing op plaaslike regerings.

Artikel 35 bepaal dat die Minister en elke LUR en munisipaliteit omgewingsbestuursooreenkomste met enige persoon of gemeenskap aangaan met die doel om die beginsels van NEMA te bevorder. Dit is dus duidelik dat die wetgewer beoog het om elke landsburger en gemeenskappe dwarsoor Suid-Afrika te betrek ten einde volhoubare ontwikkeling te verseker.

NEMA omvat al die beginsels van Agenda 21 van die voorkoming en beperking van omgewingskade soos vervat in artikel 2 asook die betrekking van plaaslike gemeenskappe,[353] vroue en jeugdiges.[354]

5.3.2 *Wet op Lewende Mariene Hulpbronne* 18 van 1998 (MLRA)

Die oogmerk van MLRA is om voorsiening te maak vir die beskerming van die mariene ekosisteem, die langtermyn volhoubare benutting van lewende mariene hulpbronne en die ordelike toegang tot ontginning en beskerming van sekere mariene hulpbronne. MLRA maak verder ook voorsiening vir die uitoefening van beheer oor lewende mariene hulpbronne op 'n billike en regverdige wyse ten einde tot voordeel van Suid-Afrika se landsburgers te wees asook ander verbandhoudende aangeleenthede.

[352] Artikel 17.
[353] Artikel 2(4)(h).
[354] Artikel 4.

Die MLRA is van toepassing op plaaslike regerings wat aan die kus geleë is. Die oogmerk van MLRA is die bestuur van mariene hulpbronne deur verantwoordelike bestuur en die bewaring van spesies wat nie geskik is vir ontginning nie.

Seevissery en die visvangindustrie maak 'n groot deel van Suid-Afrika se ekonomie uit.[355] Mariene hulpbronne moet effektief bestuur word, omdat industrieë en gemeenskappe op hierdie ontwikkeling staatmaak.[356] Visvangaktiwiteite sluit in visvangs vir broodwinning, vir ontspanning, plaaslike kommersiële visvang en buitelandse visvangs asook die beskerming en bestuur van mariene hulpbronne.[357]

Alhoewel die vissery bedryf belangrik is vir ekonomiese ontwikkeling is dit nodig om die ontwikkeling op 'n onderhoudende wyse te laat geskied aangesien die mariene lewende hulpbronne nie ontgin kan word sonder om aan die toekoms te dink nie.[358]

MLRA se doel is dus om toe te sien dat bewaring van die mariene ekosisteem sal plaasvind en ook om volhoubare gebruik van die mariene hulpbronne oor die langtermyn te verseker.[359] MLRA[360] bevorder ekonomiese groei, menslike hulpbron ontwikkeling en houvermoë, boustene binne die visindustrie, marienekultuur boerdery, werkskepping en 'n ekologiese balans bestaanbaar met die ontwikkelingsbeleid van Suid-Afrika.[361] Leiers, bestuurders en amptenare moet besluite neem op grond van 'n aantal beginsels wat vervolgens genoem word.[362]

Die bereiking van optimale gebruik van mariene lewende hulpbronne word bepaal in artikel 2(a), deurdat optimale benutting van ekologies volhoubare ontwikkeling van mariene hulpbronne moet geskied. Die bereiking van ekologies volhoubare

355 Scheepers *Law and Development* 86.
356 Scheepers *Law and Development* 86.
357 Artikel 1(liii)
358 Artikel 2(a)-(j).
359 Artikel 2(a)-(j).
360 Sien 2.3.
361 Artikel 2(d)
362 Artikel 6.

ontwikkeling van mariene hulpbronne soos bepaal deur artikel 2(g) is die behoefte om mariene besoedeling tot 'n minimum te beperk. Artikel 2(b) bepaal dat bewaring van mariene hulpbronne moet geskied asook die bewaring van die mariene biodiversiteit soos bepaal in artikel 2(f). Die gebruik van mariene hulpbronne moet ekonomiese groei te weeg te bring (artikel 2(d)) met inagneming van voorkomende bestuur van hierdie hulpbronne (artikel 2(c)). Artikel 2(e) bepaal dat beskerming van die ekosisteem moet geskied. Plaaslike regerings aan die kus geleë het derhalwe die verpligting in samewerking met ander regeringsfere om toe te sien dat die bepalings nagekom word.

Wye en toerekenbare deelname aan besluitneming moet geskied soos bepaal in artikel 2(h). Versoenbaarheid met internasionale ooreenkomste en reëls van die internasionale reg word deur artikel artikel 2(i) bepaal. Laastens moet herstrukturering van die visbedryf bewerkstellig word ten einde gelykheid binne alle takke van die industrie te bewerkstellig soos artikel 2(j) bepaal, deur historiese ongelykheid reg te stel asook versekering van gelykheid binne alle vertakkings van die vissersbedryf.

Die Raadplegende Adviesforum vir Lewende Mariene Hulpbronne adviseer die minister in aangeleenthede met betrekking tot bestuur, ontwikkeling, wetgewing, prosedures en multi-dissiplinêre navorsing asook die benutting van fondse.[363] Die Departement van Omgewingsake en Toerisme verskaf permitte wat uitgereik word onderhewig aan voorwaardes en beperkings met betrekking tot die totaal van die toelaatbare vangs, wyse waarop die vangste geskied, visserybestuur in areas met die doel om spesifieke spesies te bestuur en voorkeur visvang gebiede binne die territoriale waters van Suid-Afrika.[364]

MLRA word aangewend om na die beginsels te verwys wat organisasies van die staat moet navolg wanneer hul bevoegdhede uitgeoefen word en om die

[363] Artikel 6.
[364] Artikel 5.

Adviserende Forum vir Lewende Mariene Hulpbronne by te staan tydens die advisering van die Minister.[365]

MLRA word verder gebruik vir aansoeke van verskeie visvangpermitte, informasie met betrekking tot toelaatbare vangs en wyse asook visserybestuursareas.[366] Om met die gevare te handel met betrekking tot vis en akwatiese lewe en informasie rakende voorkeur visvang gebiede en visvang regte in te win, word MLRA aangewend.[367]

By die ontstaan van noodtoestande wat visstapels, seelewe of enige groep visse of seelewe in enige vissery bedreig kan die Minister in die *Staatskoerant* of op enige ander wyse geskikte wyses bekend maak ten einde die marienehulpbronne te beskerm.[368] Die geskikte wyses vir beskerming van marienehulpbronne is onder meer opskorting van alle of enige visvang in die spesisfieke vissery, beperking van aantal vissersbote asook die beperking van die massa vis wat geneem mag word.[369] Plaaslike regerings kan hierby betrek word deurdat die plaaslike gemeenskap aangemoedig moet word om betrokke te wees by die beskerming van seelewe en ook om oortreders te rapporteer.

MLRA word gebruik vir aansoeke om lisensies vir visserskepe, visvanghawes en informasie rakende die mariene beskermingsgebiede waar daar vis gevang mag word.[370] MLRA vind ook op internasionale vlak aanwending met betrekking tot buitelandse visvangs, buitelandse vissersskepe en diepsee visvangs handel en informasie rakende internasionale omgewingsbewarings maatstawwe.[371] Derhalwe word hawens wat onder die bestuur van plaaslike regerings is, hierdeur geraak.

---

365 Artikel 6.
366 Artikel 14.
367 Scheepers *Law and Development* 88.
368 Artikel 16.
369 Artikel 16(1)(a) tot (c).
370 Artikel 21.
371 Artikel 38 en 39.

Artikel 6 bepaal dat MLRA voorrang geniet bo enige ander wetgewing betreffende lewende marienehulpbronne, behalwe die *Grondwet.*

MLRA is van toepassing op alle persone[372], ongeag of hul Suid-Afrikaanse burgers is, op alle vissersbote en vliegtuie, wat insluit buitelandse vissersbote en vliegtuie in, op of bo die lugruim van Suid-Afrikaanse waters.[373]

Oopseevisvangs is slegs wettig indien 'n oopseevisvangslisensie uitgereik is.[374] Oopseevisvangslisensies word deur die Minister uitgereik op voorwaardes wat hy of sy gepas ag en word vir 'n tydperk van 'n jaar toegestaan, slegs aan plaaslike vissersbote.[375]

In terme van artikel 42 kan die Minister inligting of bewysmateriaal aan ander lidstate voorsien ten einde internasionale bewarings- en bestuursmaatreëls te implimenteer asook aan 'n vlagstaat van 'n buitelandse vissersboot wat 'n misdryf gepleeg het.

Die Minister kan by wyse van kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n gebied tot 'n beskermde mariene gebied verklaar ter beskerming van fauna en flora of bepaalde spesies fauna en flora en die fisiese omgewing waarvan hulle afhanklik is.[376] Beskermde gebiede kan verder ook aangewys word om visserybestuur te vergemaklik, herstel en opbou van stapels ook ten opsigte van aangrensende gebiede en die vestiging van ongerepte omgewings vir navorsing.[377]

---

[372] Artikel 38 bepaal dat Suid-Afrika gebonde is aan internasionale ooreenkomste betreffende toegang tot vis in Suid-Afrikaanse waters. Buitelandse vissersbote mag nie visvang in Suid-Afrikaanse waters sonder 'n vissersbootlisensie nie(Artikel 39). 'n Lisensie sal nie sondermeer uitgereik word aan 'n buitelandse vaartuig nie, mits daar 'n visseryooreenkoms tussen die regering van die vlagstaat en die Republiek van Suid-Afrika bestaan nie. Indien daar nie 'n die uitreiking van 'n vissersbootlisensie oorweeg indien die aansoeker voldoende finansiële en ander waarborge verskaf dat alle verpligtinge wat mag ontstaan na gekom sal word asook die voorwaardes met betrekking tot besoedeling en redding.

[373] Artikel 3(1)(a).

[374] Artikel 40.

[375] Artikel 41.

[376] Artikel 43(1)(a).

[377] Artikel 43(1)(b).

Artikel 44 bepaal dat dit verbode is om visvang te vergemaklik deur die gebruik van enige plofstof, vuurwapen, gifstof of ander skadelike stowwe en dit is verder ook verbode om enige vis wat deur bogemelde wyse gevang is aan val te bring, te verkoop, ontvang of te besit. Plaaslike regerings kan die afdwinging van artikel 44 help afdwing deur die monitering van visvangste binne hul jurisdiksiegebied.

Geen persoon mag in terme van artikel 45 verbode vistuig besit nie, welke vistuig insluit enige net of fuik wat nie aan die voorgeskrewe minimum voldoen nie, nie aan die voorgeskrewe standaarde voldoen nie of op deur enige ander bepaling deur die MLRA verbied word.

Dryfnetvisvangs is verbode tensy 'n permit uitgereik is deur die Minister.[378]

Indien 'n misdryf in terme van MLRA of enige ander internasionale ooreenkoms gepleeg word is die boete wat opgelê tot vyf miljoen rand en die gevangenisstraf wissel tussen twee en vyf jaar.[379]

Artikel 59 bepaal dat die Staat, die Minister, 'n persoon in diens van 'n staatsorgaan of enige ander persoon wat ingevlge MLRA aangestel is, is nie aanspreeklik indien hul handeling in goeder trou uitgevoer is nie. Bogemelde persone is wel aanspreeklik indien hul optrede opsetlik van aard was.[380]

Artikel 70 bepaal dat enige Hof binne die regsgebied van die Republiek van Suid-Afrika jurisdiksie het met betrekking tot misdryfe gepleeg in terme van die MLRA, welke howe ook Landdroshowe insluit.[381]

---

[378] Artikel 47.
[379] Artikel 58.
[380] Artikel 59(2).

Plaaslike regerings aan die kus het derhalwe die verpligting om toe te sien dat die MLRA se bepalings uitgevoer word.

5.3.3 *Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne*[382] 43 van 1983

Suid-Afrika se ekonomie berus grootliks op die bevordering van die agri-ekonomiese vermoë van die landelike gebiede.[383] Dit is belangrik dat die produktiewe vermoë van grond, die kwaliteit van plantegroei en ander natuurlike hulpbronne bewaar moet word vir die hede en die toekoms.[384] Die bewaring van landbouhulpbronne sal volhoubare ontwikkeling tot gevolg hê, wat beteken dat die gebied vir gemeenskappe waardevol sal bly.[385] Die *Landbouhulpbronnewet* het ten doel om gronderosie en die verswakking van waterbronne te voorkom asook die bewaring van plantegroei deur die uitwissing van indringerplante en onkruid.[386]

Die Minister van Landbou mag voorskryf hoe landbouers hul grond gebruik, verbou en besproei asook die gebruik van weivelde en afbrand van velde.[387] Die Minister van Landbou mag ook voorskryf dat kontrolering van indringerplante en onkruid moet geskied asook die terugeis en herstel van ontblote grond en grond wat as gevolg van erosie beskadig is en die voorkoming van besoedeling van waterhulpbronne.[388] Plaaslike regerings kan die staat se behulpsaam wees deur toe te sien dat die voorskrifte van die Minister van Landbou uitgevoer word.

---

381 Die volgende getuienis kan in terme van Artikel 71 aangewend word om misdrywe te bewys naamlik: dokumentêre getuienis wat insluit 'n sertifikaat deur die Minister dat 'n bepaalde vaartuig op 'n bepaalde datum 'n plaaslike of buitelandse vissersboot was, sertifikaat met betrekking tot die houer of eienaar van 'n permit asook aangehegte kaarte van Suid-Afrikaanse watergrense. Artikel 72 bepaal dat enige sertifikaat wat in terme van artikel 71 uitgereik is, as *prima facie* bewys dien. Artikel 73 en 75 bepaal onderskeidelik dat 'n sertifikaat wat die ligging van 'n vaartuig aandui as *prima facie*-getuienis gebruik kan word so ook fotografiese getuienis waarop die datum tyd en posisie van waar die foto geneem is aangedui word.

382 Hierna *Landbouhulpbronnewet* genoem.

383 Scheepers *Law and Development* 89.

384 Scheepers *Law and Development* 89.

385 Scheepers *Law and Development* 89.

386 Scheepers *Law and Development* 89 en sien 2.3.

387 Artikel 7 en 8.

388 Scheepers *Law and Development* 90.

Alle grondverbruikers, dus ook plaaslike owerhede is verantwoordelik vir die bewaring van natuurlike hulpbronne en mag raad van amptenare van die Departement van Landbou vra asook vir die nodige bystand.[389]

Ten einde boere en ander grondgebruikers finansieel by te staan, word fondse verleen aan persone wat aan die skemas deelneem met betrekking tot die aktiwiteite wat vervolgens genoem word. [390]

Die bewaring van grond en herstel van skade aan landbouhulpbronne en grond. Vermindering van veegetalle tydens droogtes. Die aanplanting van gewasse om vrugbaarheid te verbeter en erosie te voorkom asook onkruid bevegting.

Die *Landbouhulpbronnewet* word aangewend waar riglyne benodig word om grond erosie te voorkom, onkruid en uitheemse plante uit te wis en beskadiging van waterbronne te voorkom.[391]

Indien advies benodig word met betrekking tot die verbetering van die potensiaal en kwaliteit van natuurlike landbou hulpbronne asook waar finansiële bystand benodig word met betrekking tot die bewaring van landbou hulpbronne word die *Landbouhulpbronnewet* aangewend.[392]

Wanneer landbouers betrokke wil raak by die bewaring en verbetering van natuurlike landbou hulpbronne en daar meer te wete gekom wil word oor die funksies en verpligtinge van die staat en bewaringskomitees kan die *Landbouhulpbronnewet* geraadpleeg word.[393]

---

389 Scheepers *Law and Development* 90.
390 Scheepers *Law and Development* 90.
391 Artikel 6.
392 Artikel 18.
393 Scheepers *Law and Development* 91.

Plaaslike regerings moet derhalwe die boeregemeenskap binne hul jurisdiksiegebiede help deur die verskaffing van inligting om die boere se knelpunte op te los en om boere in te lig ten opsigte van volhoubare landboubedrywighede.

5.3.4 *Nasionale Waterwet*[394] 36 van 1998[395] (NWA)

Aangesien die *Waterwet* 54 van 1956 deur NWA vervang is, het 'n totaal nuwe waterbestuur en waterregbedeling vir Suid-Afrika in werking getree.[396] NWA gee uitvoering aan artikel 27(1)(b) van die *Grondwet*[397] deurdat die reg op water en 'n skoon omgewing binne die konteks van onderhoudende ontwikkeling val.[398] NWA vind aanwending tot water as 'n nasionale hulpbron in alle dele van die watersiklus.[399]

Die beginsels van die *Waterwet* is die verskaffing van skoon water aan die gemeenskap met inbegrip van die volhoubaarheid van waterbronne en die bevordering van huidige waterstandaarde.[400] Waterhulpbronne moet ook sover moontlik nie besoedel word nie en indien besoedeling nie heeltemal voorkombaar is nie, moet besoedeling sover moontlik beperk word.[401]

Artikel 5 bepaal dat daar 'n waterhulpbronstrategie ingestel moet word wat elke vyf jaar hersien word. Die oogmerk van die nasionale waterhulpbronstrategie is om die waterhulpbronne binne die Republiek van Suid-Afrika te beskerm, gebruik, bewaar en te beheer.[402] Die waterhulpbronstrategie behels onder andere dat internasionale regte en verpligtinge in ag geneem moet word, voldoening aan toekomstige

[394] Hierna die *Waterwet* genoem.
[395] SK 19182 van 1998.
[396] Artikel 2.
[397] Sien 5.2.2.
[398] Artikel 3.
[399] Scheepers *Law and Development* 84.
[400] Artikel 2 en sien 2.3.
[401] Artikel 2(h).
[402] Artikel 5(3).

waterbehoeftes en opbou van reserwes.[403] Artikel 6 bepaal verder dat waterhulpbronne op 'n wyse bestuur word wat verseker dat die waterkwaliteit van die hoogs moontlik standaard bly.[404] Ten einde te verseker dat water volhoubaar gebruik word moet die volgende faktore ook in ag geneem word naamlik: die bestuur van opvangsgebiede,[405] vermelding van surplusse of watertekorte[406] asook vestiging van beginsels met betrekking tot die bewaring en bestuur van waterhulpbronne.[407]

'n Verdere wyse waarop waterhulpbronne bestuur, beskerm, gebruik, beheer en ontwikkel kan word is deur die instelling van opvanggebiedbestuurstrategieë.[408] Opvanggebiedbestuurstrategieë moet in internasionale verpligtinge in ag neem asook onder andere die geologiese, demografiese, grondgebruik, plantegroei, klimaat en waterwerke binne bepaalde waterbestuursgebiede.[409] Bewaring, beskerming, gebruik, ontwikkeling, bestuur en beheer van waterhulpbronne moet ook oorweeg word deur die waterbestuursagentskap wat verantwoordelik is vir 'n bepaalde gebied se opvanggebiedbestuurstrategie.[410]

Opvangsbestuursagentskappe kan die waterhulpbronne binne hul gebied beheer deur byvoorbeeld reëls uit te vaardig wat verband hou met wanneer water gebruik kan word, waar water gebruik kan word, wyse waarop water gebruik kan word asook die waterwerk waardeur water gebruik kan word.[411]

Hoofstuk 3 van NWA bepaal dat die beskerming van waterhulpbronne fundamenteel verwant is aan die gebruik, ontwikkeling, bewaring, bestuur en beheer daarvan. Plaaslike regerings verskaf basiese dienste soos water aan sy

[403] Artikel 6(1)(b).
[404] Artikel 6(1)(i).
[405] Artikel 6(1)(l).
[406] Artikel 6(1)(f).
[407] Artikel 6(1)(h).
[408] Artikel 8.
[409] Artikel 9.
[410] Artikel 9(c).
[411] Bylaag 3.

plaaslike gemeenskap en is hoofstuk 3 derhalwe direk ook op plaaslike regeringsvan toepassing.

Artikel 19 bepaal op watter wyse besoedeling van waterhulpbronne voorkom of herstel moet word. Artikel 19(1) bepaal dat 'n persoon wat die eienaar van grond is, of in beheer is van 'n bepaalde stuk grond of grond beset of gebruik en waterbesoedeling veroorsaak, alle redelike stappe moet doen ten einde die voorkoms, voortduring of herhaling van besoedeling te voorkom. Stappe wat onder andere die voortduring of herhaling van waterbesoedeling kan voorkom sluit onder andere in dat handelinge gestaak of beheer moet word wat besoedeling veroorsaak.[412] Deur die beweging van besoedelde stof in bedwang te hou of voorkom,[413] enige bron van besoedeling uit te skakel[414] of die gevolge van besoedeling reg te stel[415] kan waterbesoedeling voorkom of beheer word. Plaaslike regerings kan hier behulpsaam wees deur die verskaffing van hulpbronne soos bote of enige ander hulpmiddels om besoedeling te voorkom.

In noodvoorvalle soos byvoorbeeld waar 'n ongeluk soos 'n ontploffing 'n waterhulpbron besoedel of die potensiaal het om 'n waterhulpbron te besoedel,[416] moet die persoon wat in beheer of die eienaar is van die stof wat die besoedeling veroorsaak of enige persoon wat wat bewus is van die besoedeling kan die voorval aan onder andere aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens, Brandweer, Departement van Waterwese of die betrokke opvanggebiedbestuursagentskap rapporteer.[417] Die verantwoordelike persoon moet alle moontlike stappe neem om die uitwerking van die voorval te minimaliseer of bedwing, skoonmaakprosedures onderneem, die uitwerking van die voorval herstel en enige ander stappe doen soos gelas deur die opvanggebiedbestuursagentskap.[418]

---

412 Artikel 19(2)(a).
413 Artikel 9(2)(c).
414 Artikel 9(2)(d).
415 Artikel 9(2)(e).
416 Artikel 20
417 Artikel 20(3).

NWA het ook 'n ander belangrike oogmerk naamlik die gebruik van water. Artikel 21 bepaal dat watergebruik insluit die neem van water vanuit 'n hulpbron, opgaar van water, wegkeer of belemmering van water, die storting van afval in 'n waterhulpbron deur middel van pype, kanale, riool of see-uitloop. Die verhitting van water vir industriële gebruik asook die gebruik van water vir ontspanningsdoeleindes is voorbeelde van watergebruik wat in artikel 21 genoem word.

Watergebruik sonder 'n lisensie is slegs in sekere gevalle toelaatbaar[419] soos onder andere vir huishoudelike gebruik, klein tuinmakery, gee van water vir diere (voerkrale uitgesluit), afvloeiwater vanaf 'n dak wat opgevang en bewaar is vir gebruik, noodgevalle vir menslike gebruik of brandbestryding asook vir doeleindes van ontspanning deur die gebruik van 'n kano of boot.[420] Plaaslike owerhede kan by wyse van inligtingverskaffing inlig van welke wyses van watergebruik sonder 'n lisensie aangewend kan word. Ontspanningsgeriewe vir bote of kano's kan deur die plaaslike regering beskikbaar gestel word.

Artikel 26 bepaal dat die Minister die doel van, wyse of omvang van watergebruik mag inperk of beperk, vereis dat watergebruik vanuit 'n waterhulpbron gemoniteer, gemeet en aangeteken word, watergebruik geregistreer word en enige bedrywigheid reguleer of verbied ten einde 'n waterhulpbron, instroom- of oewerhabitat te beskerm.

In gevalle waar daar 'n geskil ten opsigte van watergebruik bestaan asook waar daar geappélleer word ten opsigte van geskille wat voortspruit uit watergebruik, het 'n Watertribunaal gesag.[421] 'n Tribunaal is 'n onafhanklike liggaam wat regsbevoedheid het in alle provinsies binne die Republiek van Suid-Afrika en wat

---

418 Artikel 20(4).
419 Artikel 22.
420 Bylaag 1.
421 Artikel 146(1).

op enige plek in die Republiek verhore kan hou.[422] Die Tribunaal bestaan uit 'n voorsitter, ondervoorsitter en bykomende lede soos nodig geag deur die Minster, welke lede oor kennis moet beskik van die reg, ingeneurswes, waterhulpbronbestuur of ander verwante kennisterreine.[423]

Misdrywe ten opsigte van die bepalings van NWA is watergebruik wat nie kragtens NWA toegelaat word nie, onregmatige, nalatige of opsetlike peuter of inmenging met enige waterwerk of meettoestel asook onder andere onregmatige, opsetlike of nalatige besoedeling van 'n waterhulpbron.[424]

Indien 'n persoon skuldig bevind word kragtens NWA en 'n ander persoon skade of verlies gely het as gevolg van die handeling, versuim of misdryf van 'n ander kan 'n ondersoek gelas word om die nadeel, verlies, skade of omvang te bepaal sonder pleitstukke.[425]

Skadevergoeding vir nadeel of verlies gely tesame met kostes ten op sigte van enige regstellende maatreëls kan deur die Hof toegeken word.[426] Alle staatsorgane word ook deur NWA gebind en is dus nie vrygestel van aanspreeklikheid indien hul nalaat of versuim om 'n verpligting soos bepaal deur hierdie Wet na te kom nie.[427]

Die Watertribunaal moet sy beslissing skriftelik gee en moet ook binne 'n redelike tyd, op versoek van enige party redes verskaf van sy beslissing.[428]

Watergebruik is van kardinale belang vir die voortbestaan van die mens, dier en plante. Sonder water sal alle lewende wesens op die aarde uitgewis word. Dit is derhalwe van uiterste belang dat water op 'n volhoubare wyse aangewend en

[422] Artikel 146(2).
[423] Artikel 146(3) en (4).
[424] Artikel 151.
[425] Artikel 152.
[426] Artikel 153.
[427] Artikel 156.
[428] Bylaag 6.

bestuur word ten einde die voortbestaan van huidige sowel as toekomstige geslagte te verseker.

5.3.5 *Wet op Waterdienste* 108 van 1997[429]

Die doel van die *Waterdienstewet* is die verskaffing van basiese watervoorsiening en sanitasie.[430] In die aanhef van die *Waterdienstewet* word bepaal dat alhoewel munisipaliteite oor die gesag beskik om waterdienste en sanitasie te administreer, het alle sfere van die regering 'n verpligting om binne die finansiële en fisiese perke uiting aan hierdie *Wet* te gee. Artikel 2(j) bepaal dat waterhulpbronbestuur op 'n bewaringsgrondslag moet plaasvind.

Artikel 3 bepaal dat elke Suid-Afrikaanse burger die reg het op toegang tot basiese watervoorsiening en sanitasie. Op die huidige staduim word daar 6 kiloliter water per maand aan elke huishouding verniet verskaf.[431]

Waterdienste moet op die volgende wyse verskaf word te wete onder andere toeganklikheid vir die publiek, bepaling en struktuur van tariewe, voorwaardes vir betaling asook maatreëls om waterbewaring en wateraanvraag te bestuur.[432]

In die gevalle waar waterdienste nie aan die behoeftes van die bestaande verbruikers kan voldoen nie, moet daar voorrang verleen word aan die verskaffing van basiese watervoorsiening en sanitasie.[433]
Verpligte nasionale standaarde ten opsigte van byvoorbeeld verskaffing van waterdienste, gehalte van water, voldoende en volhoubare gebruik van waterhulpbronne asook die aard, bedryf, volhoubaarheid, bedryfsdoeltreffendheid

[429] Hierna *Waterdienstewet* genoem.
[430] Sien 2.3.
[431] Inligting ontvang vanaf Lynnette Jonker, Maquassi Hills Local Municipality.
[432] Artikel 4.
[433] Artikel 5.

en ekonomiese lewensvatbaarheid van waterdienste kan van tyd tot tyd deur die Minister bepaal word.[434]

Waterdienste-owerhede dus ook munisipaliteite het die plig teenoor alle verbruikers of potensiële verbruikers om doeltreffende, bekostigbare, ekonomiese en volhoubare toegang tot waterdienste te verseker op 'n deurlopende basis.[435] Bogemelde plig is onderworpe aan die beskikbaarheid van hulpbronne, behoefte aan 'n billike toewysing van hulpbronne, regulering van toegang tot waterdienste op 'n billike wyse, betaling van heffings deur verbruikers, bewaring van hulpbronne asook in ag neming van die aard, topografie, sonering en ligging van die betrokke grond.[436]

5.3.6 *Nasionale Wet op Bosse* 84 van 1998 (NFA)

In die aanhef van NFA word die grondwetlike reg om die omgewing te beskerm tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte afdwingbaar erken,[437] asook dat natuurlike bosse en boomveld 'n belangrike deel uitmaak van die omgewing wat bewaar moet word. Bewaring en ontwikkeling moet volgens die beginsels van volhoubare bestuur geskied asook dat plantasies 'n belangrike rol in die ekonomie speel. Plantasies het ook 'n invloed op die omgewing en moet behoorlik bestuur word.

Alhoewel die Departement van Bosbou hoofsaaklik verantwoordelik is vir die bewaring van staatsbosse kan plaaslike regerings hul behulpsaam wees in die vergemakliking van hul taak.

Die oogmerke van NFA word in artikel 1(a)-(e) vervat. Dit sluit in die volhoubare bestuur en ontwikkeling van bosse tot voordeel van almal, die herstrukturering van

[434] Artikel 9(1).
[435] Artikel 11(1).
[436] Artikel 11(2).
[437] Sien 2.3.

bosbou met betrekking tot staatsbosse, spesiale maatreëls vir die beskerming van sekere bosse en bome en volhoubare gebruik van bosse vir omgewings, ekonomiese, opvoedkundige, ontspannings, kulturele, gesondheid en geestelike doeleindes. Gemeenskapsbosbou bevordering moet ook geskied.

Hoofstuk 2 van NFA handel oor volhoubare bosbestuur. Artikels 3 en 4 handel oor die beginsels, bevordering en afdwinging van volhoubare bestuur met betrekking tot bosse en bosbou. Artikel 3(3)(a) bepaal onder meer dat natuurlike bosse nie vernietig moet word nie, behalwe waar dit in uitsonderlike gevalle in belang van ekonomiese, maatskaplike of omgewingsvoordele is. 'n Minimum oppervlakte vir elke boomveldtipe moet bewaar word in terme van artikel 3(3)(b). Ontwikkeling en bestuur van bosse moet verder op so 'n wyse geskied dat biologiese verskeidenheid, ekostelsels en habitatte bewaar word, maar ook ter selfdertyd moet ekonomiese, maatskaplike en omgewingsvoordele in aanmerking geneem word.[438]

Volhoubare bosbestuur moet op die volgende maatstawwe en aanwysers geskoei wees, te wete die vlak van instandhouding en ontwikkeling van bosbouhulpbronne, biologiese verskeidenheid van bosse, gesondheid en lewenskragtigheid van bosse, beskermende en omgewingsfunksies van bosse asook die maatskaplike funksie van bosse.[439]

Artikel 5 handel met die navorsing met betrekking tot bosse en bosbou. Artikel 6 bepaal dat bosse gemonitor moet word en dat inligting versprei moet word deur inligting aan die publiek toegangklik te maak ten einde volhoubaarheid van bosse te bevorder.

Hoofstuk 3 van NFA handel oor spesiale maatreëls om bosse en bome te beskerm. Artikel 7 verbied die vernietiging van bome in natuurlike bosse, wat neerkom op

---

[438] Artikel 3(3)(c).
[439] Artikel 4(6).

enige inheemse lewende boom in 'n natuurlike bos, deur dit te beskadig of vernietig, versteur of beskadig te verwyder of in ontvangs te neem.

Artikel 7(3) bepaal dat die Minister 'n bos tot 'n natuurlike bos kan verklaar deur 'n publikasie van 'n kennisgewing in die *Staatskoerant*, kennisgewing in twee plaaslike koerante wat in die omgewing in sirkulasie is of deur die kennisgewing oor twee radiostasie wat in die gebied uitsaai.

Artikel 8(1)(c) bepaal dat beskermende gebiede opsy gesit moet word om die volgende gebiede te skep naamlik bosnatuurreservaat, boswildernisgebied en enige ander tipe beskermende gebied wat deur die volkereg of internasionale praktyk erken word.

Artikel 12 bepaal dat bome beskerming tot beskermende bome verklaar kan word. Artikel 12(1)(a-d) sluit die volgende in bepaalde bome, bepaalde groepe bome, bepaalde boomvelde en bome wat tot 'n bepaalde spesie behoort.

Die NFA vind aanwending waar besluitneming met betrekking tot die benutting van toekomstige bosse moet geskied en die bevordering en afdwinging van die beginsels van volhoubare bosboubestuur.[440]

Navorsing en inligting met betrekking tot bosbou asook die vernietiging van natuurlike bosse word deur NFA gereël deur artikel 5. Waar beskermde gebiede, bome en bosse ter sprake is asook maatstawwe om vernietiging van bosse te kontroleer en regstelling te bewerkstellig is artikels 7 tot 16 van toepassing. In artikel 15 word bepaal dat dat niemand beskermde bome mag afkap, versteur, beskadig, vernietig of verwyder nie. Beskermde bome mag ook nie versamel, verwyder, vervoer, verkoop, gekoop, geskenk of uitgevoer word nie.[441]

---

440 Scheepers *Law and Development* 92.
441 Artikel 15(1)(b).

Daar word bepaalde strawwe en vonnisse opgelê ten opsigte van oortredings van NFA.[442] Boetes wissel van gevangenisstraf vir drie jaar tot R50 000-00 onderhewig aan die aard van die misdryf.[443]Artikel 58(8) bepaal dat indien 'n hof gemeenskapsdiens oplê as gepaste straf moet die gemeenskapdiens waar moontlik van so 'n aard wees dat dit die omgewing bevoordeel.

Die NFA word aangewend met betrekking tot toegang tot bosse vir rekreasie- en verbandhoudende doeleindes, die reg op gebruik van staatsbosse en gemeenskapsbosbou.[444]

Verder word die NFA aangewend met betrekking tot fasilitering van mediasie en arbitrasie van bosbou en verbandhoudende geskille en konflik, die algemene bevoegdheid van die staatsdepartemente en amptenare en oortredings en strawwe in terme van bosse en bosbou.[445]

Munisipaliteite is 'n belangrikste rolspeler in hierdie verband indien daar 'n bosgebied binne 'n bepaalde plaaslike regering se jurisdiksiegebied voorkom.[446] Plaaslike regerings moet plaaslike gemeenskappe aanmoedig om bome aan te plant en bestaande bosse te bewaar en aan te wend vir rekreasie.

5.3.7 *Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande* 101 van 1998 (NVFFA)

Skade wat deur veld en bosbrande aangerig word raak vee asook graanboerdery.[447] Die doel van NVFFA is om veld, bos, en bergbrande deur die hele Republiek te voorkom en bestry.[448]

---

[442] Artikel 58.
[443] Artikel 58.
[444] Artikels 19 tot 21.
[445] Artikels 58 tot 60.
[446] Scheepers *Law and Development* 93.
[447] Scheepers *Law and Development* 93-94.
[448] Scheepers *Law and Development* 94.

Die NVFFA word aangewend waar daar 'n behoefte is om veld, bos, en bergbrande te bestry en die oprigting van brandbeskermingsverenigings te bewerkstellig.[449] Plaaslike regerings moet vrywilligers uit die gemeenskap oplei om die brandweer behulpsaam te wees met hul taak.

Artikel 5 bepaal dat 'n brandbeskermingsvereniging 'n strategie vir sy gebied moet ontwikkel en toepas, reëls moet maak wat sy lede bind asook bestuursdienste, opleiding en steun aan gemeenskappe bied in hul pogings om veldbrande te bestuur en beheer.

Artikel 16 bepaal dat waar daar die reg of verpligting bestaan om 'n brandstrook te maak ten einde beheer oor brande uit te oefen, mag enige beskermde plant of boom verwyder of vernietig word. Die oorweging is tog dat daar in terme van artikel 16(a) en (b) gepoog moet word om die beskermde bome of plante oor te plant of te vermy. Plaaslike regerings moet dus ook brandstroke in hul gebiede aanbring.

Optrede om brande te bestry sluit onder meer in dat 'n persoon wat vermoed dat 'n brand gaan versprei die brandbeskermingsbeampte in kennis moet stel asook die eienaars van die aangrensende gebied.[450] Enige persoon bo 16 en onder 60 jaar kan deur die brandbeskermingsbeampte beveel word om te help om 'n vuur te blus.[451] Gemeenskapsbetrokkenheid word derhalwe ingevolge bogemelde artikel 'n verpligting ten tyde van brandbestryding.

Artikel 24 en 25 bepaal die strawwe en misdrywe rakende die NVFFA. Misdrywe sluit in die alleen laat van 'n vuur wat in die opelug aangesteek is sonder om dit te blus, aansteek van vuur en gebruik daarvan sonder die toestemming van die eienaar wat daartoe gelei het dat die eienaar skade ly, brandende vuurhoutjies of ander brandende materiaal neergooi of neersit asook om te rook waar dit verbode is.

[449] Artikel 3.
[450] Artikel 18(1).
[451] Artikel 18(3)(b).

Misdrywe sluit verder ook in die versuim om brandstroke te maak en versuim om aanliggende eienaars in kennis te stel van die brand.

Strawwe wissel van gemeenskapsdiens en boetes tot direkte gevangenisstraf van twee jaar.[452]

Indien 'n persoon vermoed dat hy skade gely het as gevolg van die nalatigheid van 'n ander persoon kan hy 'n siviele geding aanhangig maak teen daardie persoon tensy die teendeel bewys word.[453]

Plaaslike regerings moet die brandbeskermingsverenigings bystaan deur die verskaffing van opleiding en fasiliteite ten einde hul in staat te stel om veldbrande te beheer.

5.3.8 *Meergebiede-ontwikkelingswet* 39 van 1975 (LADA)

Die LADA is van toepassing op plaaslike regerings wat 'n meergebiede binne hul jurisdiksiegebiede het.

Die LADA vind toepassing in terme van ontwikkelings- en beplanningprosedures met betrekking tot gebiede wat as 'n meergebied verklaar is.[454] Artikel 4 bepaal dat 'n meergebiedontwikkelingsraad saamgestel moet word om kontrole oor meergebiedontwikkeling toe te pas. Artikel 4 bepaal dat die raad bestaan uit minstens 4 en hoogstens 7 lede wat deur die Minister aangestel word. Artikel 9 bepaal dat die raad komitees mag stig om behulpsaam te wees met werksaamhede. Dit onthef nie die raad van sy verpligtinge nie. Die oogmerke van die raad word in artikel 11 vervat. Die oogmerke is om staatsgrond wat binne 'n meergebied geleë is te beheer, bestuur en ontwikkel. Privaatgrond kan vir dieselfde doeleindes aangeskaf word deur byvoorbeeld verhuring en ruiling.

---

452 Artikel 24.
453 Artikel 34.
454 Scheepers *Law and Development* 82.

Die LADA word aangewend waar ontwikkeling en beplanning geskied met betrekking tot grond wat binne die definisie van meergebiede val asook waar ekologies sensitiewe gebiede ter sprake is.[455] Die plaaslike regering verantwoordelik vir die gebied speel 'n belangrike rol met betrekking tot LADA, aangesien mere binne plaaslike regerings se jurisdiksie gebied volhoubaar bestuur moet word.[456]

5.3.9 *Wet op Behuising* 107 van 1997

In artikel 2 van die *Behuisingswet* word bepaal dat behuising aan voorheen benadeelde gemeenskappe verskaf moet word op die grondslag dat die gemeenskappe aangemoedig moet word om self verantwoordelikheid te neem vir die instandhouding van hul huise.

Hierdie wet is in ooreenstemming met Agenda 21-beginsels deurdat Agenda 21 voorskryf dat volhoubare menslike nedersettings opgerig moet word ten einde lewensstandaarde te verhoog.[457] Die *Behuisingswet* gee ook gevolg aan die fundamentele regte soos vervat in die *Grondwet* veral met betrekking tot artikel 26.[458] Artikel 2(1)(f) bepaal dat daar behoorlik kennis geneem moet word van die uitwerking wat behuisingsontwikkeling op die omgewing het. Die doel van die wet is derhalwe om die landsburgers op sosiale sowel as ekonomiese vlak te bemagtig, maar ook die uitwerking op die omgewing as gevolg van die ekonomiese en sosiale vooruitgang in ag te neem.[459] Die beginsel van die *Behuisingswet* is derhalwe volhoubare ontwikkeling.

---

455 Scheepers *Law and Development* 83.
456 Scheepers *Law and Development* 83.
457 Quarrie (red) *Earth Summit* 76-87 en sien 2.3.
458 Sien 5.2.2.
459 Artikel 2.

Elke munisipaliteit het die verpligting om te verseker dat die alle nodige stappe geneem word om te verseker dat die inwoners toegang tot geskikte behuising het.[460] Munisipaliteite het verder die verpligting om toe te sien dat die omstandighede bevorderlik is vir die gesondheid en veiligheid van die inwoners asook dat dienste ten opsigte van water, sanitasie, elektrisiteit en paaie verskaf word.[461]

Munisipaliteite moet verder grond vir behuisingsontwikkeling identifiseer en aanwys, 'n openbare omgewing bevorderlik vir behuisingsontwikkeling skep ten einde finansieel en sosiaal vatbare ontwikkeling te bevorder.[462]

## 5.4 Omgewingsimpakstudies (*EIA*)

*EIA* is 'n werktuig wat gebruik word om op internasionale vlak en ook in Suid-Afrika die invloed van toekomstige ontwikkelingspraktyke op die omgewing te bepaal.[463] Die doel met *EIA*s is om negatiewe uitwerkings te beperk of voorkom en die positiewe uitwerking op die omgewing te vermeerder.[464]

'n Verpligting vanuit regsweë rus op persone wat betrokke is by ontwikkelingsprojekte om te voldoen aan die regulasies wat bepaal dat *EIA*'s gedoen moet word[465] indien die omgewing geaffekteer kan word deur ontwikkeling.[466]

'n Onafhanklike deskundige konsultant word aangestel om die *EIA* te doen en om inligting, planne en verslae te verskaf.[467] Die konsultant gee aan die relevante instansie inligting wat bymekaar gemaak is tydens die *EIA*.[468] Die gemeenskap se betrokkenheid word aangemoedig deurdat die gemeenskap tydens vier stadiums die

[460] Artikel 9(1)(a)(i).
[461] Artikel 9(1)(a)(ii) en (iii).
[462] Artikel 9(1)(c) en (d).
[463] Urquart en Atkinson *Pathway to Sustainability* 73 en sien 4.3.
[464] Urquart en Atkinson *Pathway to Sustainability* 74.
[465] *Silvermine Valley Coalition v Sybrand van der Spuy Boerderye* 2002 K 478.
[466] Scheepers *Law and Development* 131.
[467] Scheepers *Law and Development* 132.

kans gegun word om insette met betrekking tot die beoogde ontwikkeling te lewer.[469]

Aansoeke word gewoonlik deur provinsiale instellings oorweeg.[470] Die Minister van Omgewingsake en Toerisme kan 'n plaaslike regering aan stel as die instelling aan wie aansoeke gerig moet word, of die plaaslike regering kan die versoek skriftelik aan die Minister bring om die instelling vir aansoeke te wees.[471]

Ontwikkelingsprojekte het altyd 'n invloed op die omgewing, maar word dit slegs na die nasionale departement verwys indien die provinsiale departement nie jurisdiksie het om die aangeleentheid te hanteer nie.[472] Dit is raadsaam om met die plaaslike regering of munisipaliteit binne die gebied waar die beoogde ontwikkeling gaan plaasvind die ontwikkelingsplan te bespreek.[473]

## 5.5 Gevolgtrekking

Die *Grondwet* plaas 'n verpligting op plaaslike regerings om aan die basiese behoeftes van elke persoon binne sy jurisdiksiegebied te voorsien wat insluit watervoorsiening en sanitasie. Die *Grondwet* erken ook elke individu se reg op 'n gesonde omgewing, skoon water en behuising. NWA en die *Behuisingswet* bepaal op welke wyse plaaslike regerings hierdie verpligting kan nakom.

Daar bestaan verder wetgewing wat ten doel het om te verseker dat die omgewing op 'n volhoubare wyse bestuur word. Hierdie wetgewing sluit onder meer NEMA, MLRA, FVA, NVFFA en LADA in.

---

[468] Scheepers *Law and Development* 132.
[469] Scheepers *Law and Development* 132.
[470] Scheepers *Law and Development* 132.
[471] Scheepers *Law and Development* 137.
[472] Scheepers *Law and Development* 132.
[473] Scheepers *Law and Development* 132.

Dit is derhalwe nie onmoontlik om aan die beginsels van Agenda 21 te voldoen nie. Die probleem in Suid-Afrika is dat die groot meerderheid van die bevolking nie bewus is van die omgewingsbewaringswetgewing nie. Persone is ook nie ingelig met betrekking tot hul basiese sosio-ekonomiese regte nie.

Die staat beskik ook nie oor die hulpbronne om die wetgewing af te dwing nie. Die Suid-Afrikaanse Polisie bestaan uit beperkte getalle in ooreenstemming met die gebied waarbinne hul werk.

Plaaslike regerings moet derhalwe die gemeenskappe inlig met betrekking tot hul regte deur advertensies, plakkate, werkswinkels en projekte. Daar moet persone vanuit die gemeenskap gekies word wat groepe vorm om die afdwinging van die gemeenskap se fundamentele regte te verseker. Die verkose persone kan sodoende aan die plaaslike regering rapporteer dat daar byvoorbeeld nie genoegsame vars water vir menslike gebruik beskikbaar is nie. Die verkose persone kan dan tesame met die plaaslike regering aan oplossings dink.

Individue moet aangemoedig word om die Suid-Afrikaanse Polisie of enige ander staatsinstelling te verwittig van enige aktiwiteite wat die bewaring van die natuur benadeel. Persone kan vergoed word en deurentyd bewus wees dat hul anoniem sal bly indien 'n oortreder aangegee word.

Persone wat misdrywe pleeg in terme van enige wette soos in 5.2 en 5.3 genoem moet gestraf word en die straf asook die oortreding moet bekend gemaak word. Dit sal dien as afskrikking vir voornemende misdadigers wat dieselfde misdryf beoog.

Suid-Afrika beskik derhalwe oor genoegsame wetgewing om die benutting, bestuur en bewaring van die natuur op 'n volhoubare wyse te laat geskied in ooreenstemming met Agenda 21.

Kaalvoet stap is versigtig trap
Die tone ontbloot
Die sool ongepantser
Die aarde is joune
En die volheid daarvan
Haar stof en haar korrels haar spriete en blare
As jy weerloos verkeer
Ontdek jy die trou
Van jou suster

Bonaventure Hinwood [474]

[474] Marais (red) *Groen 30.*

# Hoofstuk 6

## Toepassing van "Plaaslike Agenda 21" op munisipale vlak

### 6.1 Inleiding

"Plaaslike Agenda 21" is 'n proses wat gemik is op die bereiking van volhoubare ontwikkeling op plaaslike vlak.[475] Dit staan nie los van huidige ontwikkelingsbeplanning en bestuursvereistes nie, maar vorm 'n integrale deel daarvan.[476] Die gaping tussen arm en ryk vergroot , terwyl ontwikkelende regerings nie die mas kan opkom nie, wat die gaping verder verbreed.

Die verpligting van plaaslike regerings se betrokkenheid is daarin te vinde dat plaaslike en globale probleme verbind is. Van die probleme wat Suid-Afrikaanse munisipaliteite in die gesig staar, is byvoorbeeld dat die stedelike bevolking binne 20 jaar gaan verdubbel.[477]

Tydens 1992 het stedelike areas meer as 15 miljoen ton vaste afval per jaar gelewer en die getal groei steeds.[478] Stedelike besoedeling as gevolg van koolverbranding en motoruitlaatgasse veroorsaak asemhalingsprobleme en hoë bloeddruk onder mense.[479] Soos wat stede en plaaslike nedersettings groei word al hoe meer produktiewe grond en natuurlike gebiede opgeneem deur stedelike uitbreiding. Swak lewenstandaarde lei tot sosiale probleme soos depressie, selfmoord, geweld, dwelm en alkoholmisbruik onder jongmense.[480]

In hierdie hoofstuk word die projekte soos geloods deur munisipaliteite bespreek deur middel waarvan 'n "Plaaslike Agenda 21" ontwikkel is en nog ontwikkel

---

[475] Sien 2.3.
[476] Urquart en Atkinson *Pathway to Sustainability* 10.
[477] Urquart en Atkinson *Pathway to Sustainability*11.
[478] Urquart en Atkinson *Pathway to Sustainability*11.
[479] Urquart en Atkinson *Pathway to Sustainability*11 en sien 3.2.1.
[480] Urquart en Atkinson *Pathway to Sustainability*11

word. Die munisipaliteit van Tshwane is onder meer besoek asook die Departement van Omgewingsake en Toerisme wat bykomende inligting verskaf het.

### 6.1.1 Durban Metropool

Die grense van die Durban Metropolitaanse Area (DMA) strek vanaf die Umkomaas rivier tot by die Tongaat rivier en tot by Cato Ridge in die binneland.[481] Durban se topografie word gekenmerk deur die kuslyn en 'n groot hoeveelheid rivier valleie. Die DMA is Suid-Afrika se grootste industriële middelpunte.

Die DMA bestaan uit 6 plaaslike rade naamlik die Noordelike Plaaslike Raad, Noordelike Sentrale Raad, Suidelike Sentrale Raad, Suidelike Plaaslike Raad, *Inner West Local Council* en *Outer West Local Council* asook die Metroplitaanse Raad. Hierdie rade word onderverdeel in werkseenhede onder andere water, behuising en padwerke. Durban het Agenda 21 in 1994 geïmplementeer en het dit in 1996 onderteken.[482]

Durban het fase 1 van sy *Local Agenda 21*-program die *State of the Environment and Development Report for the DMA* in Junie 1996 voltooi.[483] Die doel met die program is om realistiese omgewing en ontwikkelingstrategieë te ontwikkel.[484]

Fase 1 handel oor omgewingsraming en prioriteitsaangeleenthede wat uit sestien afdelings bestaan naamlik: landelike, atmosferiese en mariene hulpbronne; vars water; vervoer; vullis; gesondheidsaangeleenthede; stedelike vorm; bestuur; regsraamwerk; behuising; sanitasie; energie, onderwys; vrede en geweld asook finansies.[485] Na 'n werkswinkel is vyf belangrikste areas aangewys naamlik: vrede, veiligheid en sekuriteit; water en sanitasiebestuur; behuising; verbetering van

---

481 *ICLEI* http://www.iclei.org/la21/ascn/index.cfm 8 Sept.
482 *ICLEI* http://www.iclei.org/la21/ascn/index.cfm 8 Sept.
483 *ICLEI* http://www.iclei.org/la21/ascn/index.cfm 8 Sept.
484 *ICLEI* http://www.iclei.org/la21/ascn/index.cfm 8 Sept.
485 DE&T http://www.ceroi.net/reports/durban/response/envman/index.htm 29 Sept.

grondgebruik, vervoer en omgewingsbeplanning en 'n geïntegreerde omgewingsbestuursprogram.[486]

Fase 2 van Durban se *Local Agenda 21* is beleidsformulering en beplanning van strategiese terugvoer.[487] Fase 2 sluit die volgende programme in: *Durban Metropolitan Environmental Policy Initiative*; *Durban Strategic Environmental Assessment*; *Durban Open Space System Framework* en *Community Open Space Development*.[488] Hierdie programme het ten doel om onder meer opvoeding, bewaring van die biodiversiteit, verbetering van lewenskwaliteit en verspreiding van omgewingsinligting te verseker.

Fase 3 handel oor die implimentering van verdere ontwikkeling van Durban se omgewingsbestuursisteme.[489] Die fase bestaan uit drie dele naamlik: hantering van noodgevalle wat 'n effek op die mens en natuur het. *Cities Environmental Reports on the Internet*; suksesvolle implimentering van die *Durban Environmental Policy Initiative*.

Durban staar ook verskeie uitdagings in die gesig soos die beperkte grondgebied waarop huise gebou moet word, terwyl dit ryk aan biodiversiteit is.[490]

### 6.1.2 Kaap Metropool

Van die grootste probleme wat Kaapstad moes aanspreek is armoede as gevolg van werkloosheid, gebrek aan behuising en basiese munisipale dienste.[491]

---

486 DE&T http://www.ceroi.net/reports/durban/response/envman/index.htm 29 Sept.
487 DE&T http://www.ceroi.net/reports/durban/response/envman/index.htm 29 Sept.
488 DE&T http://www.ceroi.net/reports/durban/response/envman/index.htm 29 Sept.
489 DE&T http://www.ceroi.net/reports/durban/response/envman/index.htm 29 Sept.
490 DE&T http://www.ceroi.net/reports/durban/response/envman/index.htm 29 Sept.
491 *ICLEI* http://www.iclei.org/la21/cities/capetown.htm 8 Sept.

In November 1994 is Kaapstad deur *ICLEI*[492] gekies om deel te neem aan die implimentering van *Local Agenda 21.*[493] Die Kaapstad se munisipaliteit het nou saamgewerk met die HOP.[494] *Local Agenda 21* en die HOP stem in verskeie opsigte ooreen soos: bewerkstelliging van 'n vennootskap tussen die staat en die gemeenskap; beskikbaarstelling van volhoubare ontwikkelingsbeplanning; verbetering van lewenskwaliteit en die voldoening aan armes se behoeftes.[495]

Die Kaapse metropolitaanse gebied (KMG) sluit die volgende munisipaliteite in: Kaapstad, Tygerberg, Blaauberg, Helderberg, Oostenberg en die Suidelike Peninsula.[496] Die KMG se *Local Agenda 21*-program word onder die tema natuur behandel. Eerstens word die natuurlike omgewing behandel. Lugkwaliteit met inagneming van besoedeling en gesondheidsrisiko's word behandel. Water vorm die tweede deel wat gesondheid, riviere, vleie en waterlandskappe hanteer met betrekking tot daaglikse gebruik deur industrieë, wonings en kommersiële gebruik. Grond word aangespreek ten opsigte van landboupotensiaal, verlies van grond as gevolg van verstedeliking en die delf van minerale. Die deel wat die biota hanteer, spreek die habitat en biodiverse landgebaseerde ekosisteme, verandering van die mariene en kuslynhabitatte asook beperking van die uitbuiting van hulpbronne aan en die storting van afval in die see wat voortspruit uit huishoudelike en industriële gebruik.

Die tweede gebied in terme van die omgewing wat bespreek word is beboude omgewings. Verstedeliking word aangespreek in terme van behoefte aan behuising, stedelike uitbreiding, stedelike struktuur en metropolitaanse oop spasies. Infrastruktuur deur die verskaffing van dienste resorteer ook hieronder. Wat energieverbruik betref gebruik 'n groot deel van die gemeenskap hout en parrafien. Vullis moet geïntegreerd bestuur word deur onder meer die veilige vervoer en weggooi van onveilige en mediese afval.

---

[492] *International Council for Local Environmental Initiatives.*
[493] *ICLEI* http://www.iclei.org/la21/cities/capetown.htm 8 Sept.
[494] Heropbou en ontwikkelingsprogram.
[495] *ICLEI* http://www.iclei.org/la21/cities/capetown.htm 8 Sept.

Die groeiende armoedevlak moet verminder word deur werkskepping. Die Wes-Kaap het tans die kleinste persentasie armoede van slegs 19,9% en toon die grootste ekonomiese groei vir die afgelope dekade.[497] Kaapstad is die landdrosdistrik met die laagste armoedekoers.[498] Gesondheidspropleme wat voortspruit uit gebrek aan basiese dienste moet beperk word. Water en lugbesoedeling wat gesondheidsrisiko's inhou moet uitgewis word. Potensiële gesondheidsrisiko's wat met voedselproduksie verband hou moet beheer word. Onderwys moet verbeter word deur toegang tot onderwys en vaardigheidsontwikkeling.

Die Kaapse metropolitaanse raad[499] het vanaf 1997 'n geïntegreerde omgewingsbeleid vir volhoubare stedelike bestuur wat deur die bestaande raad geïntegreer word by wyse van 'n omgewingsbestuursisteem.[500] Hierdie sisteem word gebruik as 'n geleentheid om die inwoners bewus te maak van omgewingsprobleme. Werkswinkels word gehou om die gemeenskap bewus te maak van volhoubare ontwikkeling asook gemeenskapsdeelname.[501] Die eerste werkswinkel is in Februarie 1999 gehou tydens die Kaap metropolitaanse fees van die omgewing.[502] Die hoogtepunt van die fees was 'n modeparade waar die kledingstukke gemaak was van herwinbare artikels.[503] Die doel met die fees was die bou van vennootskappe, onderrig, kommunikasie en bewusmaking.[504] Die Geïntegreerde Metropolitaanse Omgewingsbeleid (*IMEP*) van die KMG het gemeenskapsbetrokkenheid tydens die fees aangemoedig.[505]

---

[496] DE& T http://www.cma.gov.za/peh/soe/issues.htm 29 Sept.
[497] Van Tonder *Rapport* 7 Okt 2001.
[498] Van Tonder *Rapport* 7 Okt 2001.
[499] Hierna KMR genoem.
[500] Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 70.
[501] Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 82.
[502] Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 88.
[503] Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 88.
[504] Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 88.
[505] Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 40.

Die lesse wat geleer is deur die KMA is dat politieke en ekonomiese aktiwiteit nodig is om die *Local Agenda 21*- program suksesvol te implimenteer.[506] Die gebrek aan bestuursbevoegdheid en fondse lei daartoe dat die werk van belange groepe nadelig geaffekteer word.

'n Webtuiste gee daagliks 'n verslag van die lugkwaliteit van ondermeer Goodwood, Athlone, Khayelitsha, Tableview en Bothasig.[507]

### 6.1.3 Pretoria Metropool

Pretoria is reeds vanaf 1996 betrokke by Agenda 21 aktiwiteite.[508]

'n Sterk *IDP*[509] program vind in Pretoria plaas, wat gebaseer is op die *Local Agenda 21*- proses.[510] Die riglyne van hierdie program bied riglyne vir Pretoria, Akasia en Centurion met die doel om Pretoria in 'n *unicity* te omskep. 'n Gesamentlike *IDP*-program is vir hierdie drie gebiede opgestel met riglyne vir administratiewe transformasie tydens die samesmeltingsproses, aanwending van die begroting en menslike hulpbronplan.[511]

Die *Local Agenda 21*-proses in Pretoria het Marabastad as 'n prioriteitsarea geïdentifiseer vir 'n loodsprojek van *Local Agenda 21*.[512] Komponente wat die omgewing beïnvloed is stadsbeplanning en ontwerp waarby grondgebruik en vervoer ingereken word. Boubeplanning, infrastruktuur, dienste en konstruksie maak

506 *ICLEI* http://www.iclei.org/la21/cities/capetown.htm 8 Sept
507 Departement van Omgewingsake en Toerisme http://www.capetown.gov.za/airqual/default.asp 1 Jul.
508 Leitch 2001 *IMIESA* 37.
509 Sien 5.2.4.
510 Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 60.
511 Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 60.
512 Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 72.

ook 'n groot deel hiervan uit.[513] Natuurlike omgewing integreer rekreasie en beskerming van die biodiversiteit.[514]

Pretoria middestad het 'n artikel 21 maatskappy gestig vir die ontwikkeling en verbetering van die middestad wat gebaseer is op die Omgewingsbestuursprogram van Pretoria wat 'n *Local Agenda 21*-program is.[515] Die begroting hiervoor beloop R15 miljoen per jaar en word verskaf deur Pretoria Metro en die Gauteng provinsie.[516]

Die Apiesrivier loop deur Pretoria se middestad, maar is verlaag na 'n waterweg met geen natuurlewe nie.[517] 'n *Action Apies River Working Group* is gestig om te poog om die rivier te rehabiliteer.[518]

Die *State of the Environment (SOE)* se oogmerk is om op 'n wetenskaplike wyse vas te stel wat 'n stad se ekonomiese, ekologiese en sosio-ekonomiese status met betrekking tot komponente in die omgewing is.[519] Die informasie wat deur SOE verskaf word beïnvloed die besluite wat deur die plaaslike regering van Tshwane vir die Tshwane 2020 Plan beoog word, deurdat die inligting as 'n riglyn gebruik word.[520]

Die plaaslike regering van Tshwane implimenteer die basiese beginsels van Agenda 21 op elke moontlike vlak met die oog op volhoubare ontwikkeling.

---

513 Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 72.
514 Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 72.
515 Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 82.
516 Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 82.
517 Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 85.
518 Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 85.
519 Leitch 2001 *IMIESA* 38.
520 Leitch 2001 *IMIESA* 38.

### 6.1.4 Stad van Johannesburg

Johannesburg is die grootste metropolitaanse gebied in Suid-Afrika met 'n bevolking van 2,8 miljoen mense op 1384 vierkante kilometer, waarvan 98% van die bevolking in die stad self woon.[521] Die *Local Agenda 21*-program is tydens 1994 in Johannesburg geïntegreer onder die beheer van die Departement Omgewingsake en Toerisme.[522] Na 1995 het herstrukturering in plaaslike regerings plaasgevind en groter Johannesburg het die omgewingsverpligting aanvaar onder volhoubare ontwikkeling.[523]

Johannesburg het *Local Agenda 21* tesame met HOP- en *LDO*[524] geïntegreer ten einde die sosio-ekonomiese vlak van die gemeenskap op te hef deur volhoubare ontwikkelling.[525] Die armoede koers is tans 16,1% in Johannesburg.[526] Die ses prioriteitsgebiede wat *LDO* gestel het is: besoedeling, armoede, omgewingsgesondheid, oop spasies en parke asook die bewaring en beskerming van die beboude omgewing.[527]

Die ses prioriteitsgebiede word gerugsteun deur verskeie projekte en programme op metropolitaanse vlak wat gefinansier word deur die Departement Omgewingsake en Toerisme. Die eerste program is die *LA 21 Charters Project* wat Johannesburg een van 20 stede maak wat gekies is om aan die projek deel te neem. Die projek is geloods deur *ICLEI* en die *IULA*[528] met die doel om *Agenda 21* beginsel te gebruik om volhoubare ontwikkeling te bereik. 'n Verdere doel is om inligting tussen die Noordelike en Suidelike lande uit te ruil. Die tema van die *Charters* projek is opleiding, omgewing, onderwys, bewusmaking van die natuurlike en beboude omgewing tussen Johannesburg en Birmingham, Brittanje. Die projek was tot op

[521] *ICLEI* http://www.iclei.org/la21/ascn/index.cfm 8 Sept.
[522] *ICLEI* http://www.iclei.org/la21/ascn/index.cfm 8 Sept.
[523] *ICLEI* http://www.iclei.org/la21/ascn/index.cfm 8 Sept
[524] *Land Development Objectives.*
[525] *ICLEI* http://www.iclei.org/la21/ascn/index.cfm 8 Sept
[526] Van Tonder *Rapport* 7 Okt 2001.
[527] *ICLEI* http://www.iclei.org/la21/ascn/index.cfm 8 Sept
[528] *International Union of Local Authorities.*

hede nie suksesvol nie as gevolg van verbrokkeling in kommunikasie en die swak deelname van Birmingham, wat die effek het dat daar geen program tussen die twee stede op die been gebring is nie.

'n Tweede projek is die *City State of the Environment on Internet*-projek wat in Oktober 1999 deur die Departement Omgewingsake en Toerisme geloods is en tot Maart 2000 internasionaal deur Noorweë gefinansier is.

Die derde projek is die *LA21 Incentives Grant Project* wat 'n projek van *ICLEI* is wat twee jaar moes duur, ten einde multi-sektorale vennootskappe te sluit, en wat op die been bebring is.

Die vierde projek is die *Cities Climate Protection Campaign* met die doel om energieverbruik in Johannesburg te verminder om groenhuisgasemissies te veminder. Die plaaslike regering het die resolusie onderteken met vyf mylpale om te bereik naamlik: samestelling van energieverbruik en gasemissies oor die afgelope 20 jaar; voorspelling vir die volgende twintig jaar se energieverbruik en gasemissies; om emissies teen 2010 te stabiliseer en om 'n aksieplan op die been te bring om stadsoperasies en die gemeenskap se energie verbruik te verminder en laastens om ander mylpale te implimenteer al staan dit onafhanklik van die ander.

Uitdagings vir die toekoms is om die *Local Agenda 21* proses bekend te stel as deel van ander plaaslike regeringsfunksies en prosesse. Omgewingsbestuur is nog 'n nuwe taak vir plaaslike regerings en daarom is beperkte mens en finansiële hulpbronne 'n werklikheid wat teweegbring dat omgewingsbestuur ten opsigte van elke plaaslike regering se unieke ligging, nie maklik in plaaslike regerings geïntegreer kan word nie.

Lesse wat geleer is, is dat dit belangrik is om omgewingsbestuur met bestaande prosesse te integreer.

*Local Agenda 21* vir Johannesburg behandel besoedeling met betrekking tot water, lug en geraas.[529] Wat vullis betref word soliede afval bestuur en oop spasies en parke word aangespreek. Uitwissing van armoede is ook deel van die *Local Agenda 21* program. Die bewaring van natuurlike en beboude omgewings speel ook 'n groot rol in Johannesburg se *Local Agenda 21.* Asma en velsiektes resorteer onder die gesondheidsprobleme wat aangespreek moet word.

*Local Agenda 21* beginsels met betrekking tot metrogebiede sluit in dat die mens die middelpunt van volhoubare ontwikkeling is.

### 6.1.5 Voorbeelde van bevordering van volhoubare ontwikkeling op plaaslike vlak.

#### 6.1.5.1 Garies

Garies in die die Suide van Namakwaland het betaling vir water gebruik drasties verhoog deurdat 'n maandelikse prystrekking gehou word onder die huishoudings wat hul rekeninge ten volle vereffen het.[530] Die pryse is elektriese toebehore wat elektrisiteit gebruik aan moedig in plaas van energieverbruik wat die lug besoedel.[531]

#### 6.1.5.2 Thumahole

Die Thumahole woongebied in Parys het waterweek gevier met videovertonings, lesings, 'n sportdag, 'n kultuurdag en 'n gesamentlike kerkdiens waar die belangrikheid van water deur die Bybel uitgewys is.[532]

---

[529] Departement Omgewingsake en Toerisme http://www.ceroi.net/reports 29 Sept.
[530] Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 78.
[531] Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 78.
[532] Urquhart en Atkinson *Sustainable Pathway* 78.

6.1.5.3 Marabastad

'n Ander voorbeeld van Agenda 21-beginsels wat geïmplimenteer is, is die Marabastad Agenda 21 Projek.[533] Marabastad was voorheen 'n gebied wat gebuk gegaan het onder sosiale ongeregtigheid, verwaarloosing en fisiese agteruitgang. Sedert 1997 is daar Agenda 21-beginseld in werking gestel wat onder andere daartoe gevolg gehad het dat die strate skoon gehou word, veiligheidswagte 24 uur per dag aanwesig is en veiligheid vir die inwoners verbeter het.[534] 'n Huis vir haweloses is geopen en daar is 'n oop spasie aangetoon waar entrepeneurs hul produkte op die mark kan verkoop.[535]

6.1.5.4 Midrand

Midrand vorm deel van die SOE (*State of the Environment*) program, deurdat die Midrand Plaaslike Raad die "Midrand State of the Environment" program vanaf 2000 loods.[536] 'n Ander projek wat deur die Midrand Plaaslike Raad op die been gebring is, is die Groen Stad projek wat onder andere ten doel het om energie-effektiewe lae koste huise te verskaf asook om oop spasies te vorm vir parke en om afvalprodukte te herwin.[537]

6.1.5.5 Kimberley

Kimberley neem reeds vanaf 1997 deel aan die SIDA (*Swedish International Development Agency*) projekte wat ondermeer onderlinge versterking van kennis ten opsigte van volhoubare ontwikkeling tussen Falun en Borlange met Kimberley insluit.[538] Twee skole in die Kimberley omgewing is gekies om deel te neem aan die projek aangesien kinders die toekoms is en dit 'n goeie vertrek punt is om

---

[533] Leitch 2001 *IMIESA* 38.
[534] Leitch 2001 *IMIESA* 39.
[535] Leitch 2001 *IMIESA* 39.
[536] Urquhart en Atkinson *Pathway to Sustainability* 69.
[537] Urquhart en Atkinson *Pathway to Sustainability* 66.
[538] Ebersohn 2001 *IMIESA* 43.

kinders van volhoubare ontwikkeling te leer.[539] Die twee skole wat gekies is, is die Sol Plaatjie *Higher Primary* en Laerskool Staatspresident Swart.[540]

Die twee skole het lesings met betrekking tot volhoubare ontwikkeling ontvang, moes lae koste huise boue en het die stad skoon gemaak deur vullis op te tel.[541] Sol Plaatjie Higher Primary het groente tuine aangeplant wat op 'n latere staduim sal uitbrei met die doel om voedsel te verskaf.[542] Laerskool Staatspresident Swart se hoofprojek is herwinning van papier ten einde soveel moontlik bome te red.[543] Beide skole is tans ook besig om materiaalsakke te maak om die gebruik van plastieksakke te verminder.[544]

'n *Local Agenda 21*-initiatief wat deur die Kimberley munisipaliteit van stapel gestuur is, is CUP (*Comprehensive Urban Plan*).[545] Onder die beskerming van CUP is 'n Omgewingsgroep gestig wat bestaan uit die munisipaliteit asook onder andere staatsdepartemente en ESKOM.[546]

6.1.5.6 Wilde Kus

Die Wilde kus het die *Wild Coast Spatial Development Initiative Pilot Programme* in Maart 2000 op die been gebring vir 'n proeftydperk van vier jaar. Die oogmerk van die program is om sosiale en ekonomiese ontwikkeling onder voorheen benadeelde gemeenskappe te verbeter deur middel van werk en inkomsteskepping.[547]

---

539 Ebersohn 2001 *IMIESA* 43.
540 Ebersohn 2001 *IMIESA* 43.
541 Ebersohn 2001 *IMIESA* 43.
542 Ebersohn 2001 *IMIESA* 43.
543 Ebersohn 2001 *IMIESA* 43.
544 Ebersohn 2001 *IMIESA* 43.
545 Urquhart en Atkinson *Pathway to Sustainability* 65.
546 Urquhart en Atkinson *Pathway to Sustainability* 65.

## 6.2 Gevolgtrekking

Suid-Afrika het ver gevorder as in ag geneem word dat Suid-Afrika eers van 1994 af deel vorm van die internasionale omgewingsbewaringproses. Plaaslike regerings se verpligtinge behoort uitgebrei te word en die daadwerklike opvoeding en inligting van individue deur lesings, televisieprogramme en kompetisies soos die skoonste stad of dorp kompetisie wat reeds deur die Minister van Omgewingsake ingestel is. Die skoonste stad kompetisie vorm deel van die Departement van Toerisme en Omgewingsake se *National Waste Management Strategy* (*NWMS*).[548]

Dit is dus duidelik dat Suid-Afrika reeds op verskeie vlakke betrokke is by volhoubare ontwikkeling by wyse van Suid-Afrika se *Grondwet* en ander relevante wetgewing. NEMA is 'n omvattende wet wat gebaseer is op die beginsels van Agenda 21.

Suid-Afrika se plaaslike regerings vorm deel van *International Council for Local Environmental Initiatives* (ICLEI) deurdat vier van die groot stede naamlik Durban Metropool, Kaap se Metropool, Pretoria Metropool en die stad van Johannesburg aktief aan hierdie program deelneem. Hierdie vier stede moet hul kennis met die kleiner munisipaliteite deel en hul voortydig waarsku teen struikelblokke wat van dei staanspoor af vermy kan word. Die vier stede moet verder ook hul webwerwe op 'n gereelde basis opdateer, sodat daar deurentyd van die nuutste inligting bekikbaar sal wees om as voorbeeld te dien vir kleiner munisipaliteite.

Ander munisipaliteite wat reeds poog om *Local Agenda 21*-beginseld te implementeer is onder andere Kimberley, Thomahole en die Wilde Kus.

---

[547] Departement Omgewingsake en Toerisme http://www.environment.gov.za 1Jul.
[548] Departement Omgewingsake en Toerisme http://www.environment.gov.za 1Jul.

Dit sal ook van groter waarde en betekenis wees as die projekte en die positiewe gebeure wat vloei vanuit "Plaaslike Agenda 21"-projekte deur die media aan die publiek bekend gemaak word.

Suid-Afrikaanse munisipaliteite kan trots wees op die projekte wat reeds op die been gebring is en wat reeds 'n begin is tot verwesenliking van volhoubare ontwikkeling.

Ek raai nou
wat oor sal bly
vannie innocent natuur
dertag jaar van nou...

Peter Snyders [549]

[549] Marais (red) *Groen* 59.

## Hoofstuk 7

## Samevatting en gevolgtrekking

Verskeie redes bestaan vir die vinnige oplewing van die omgewingsreg as 'n nuwe veld in die reg.[550] Die vooruitgang in omgewingswetenskappe het die aandag gevestig op probleme wat tot dusver geïgnoreer was.[551] Die wêreldwye agteruitgang in terme van omgewingskwaliteit het druk op state uitgeoefen om voorkomende maatreëls in werking te stel.[552]

Die afgelope dekade het die omgewing op wêreldwye vlak geweldig agteruit gegaan. Besoedeling van water en lug, verdunning van die stratosferiese osoonlaag uitwissing van reënwoude, uitwissing van sekere fauna en flora spesies en die bevolkingsontploffing is van die faktore wat die aarde benadeel het. Vele konvensies het die lig gesien om spesifieke areas aan te spreek, soos *UNCLOS* wat die bewaring van die see en lewende mariene hulpbronne ten doel het en *CITES* wat handel in bedreigde spesies verbied.

Die groot deurbraak was die Aarde Beraad van 1992 wat die Rio Deklarasie en Agenda 21 tot gevolg gehad het. Agenda 21 stel riglyne vir volhoubare ontwikkeling asook die instansies daarby betrokke. Tydens Augustus-September 2002 is die Aarde Beraad +10 in Johannesburg gehou, wat deur die meeste afgevaardigdes van enige Verenigde Nasies samekoms ooit, bygewoon is. *Local Action 21* is tydens die Aarde Beraad +10 op die been gebring. Die doel met *Local Action 21* is die daadwerklike verwesenlike van *Agenda 21*-beginsels.

In hoofstuk 39 van Agenda 21 word bepaal dat internasionale instrumente state behulpsaam moet wees ten einde volhoubare ontwikkeling te verwesenlik. Internasionale instrumente wat onder andere 'n belangrike rol speel is *UNEP* wie se

[550] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xviii.
[551] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xviii.
[552] Robinson (red) *Earth's Action Plan* xviii.

taak dit is om te verseker dat internasionale omgewinsreg ontwikkel en gekodifiseer word. *UNCED* het ten doel om onder andere toe te sien dat Agenda 21-beginsels uitvoering kry.

Van die hedendaagse omgewingsknelpunte soos die verdunning van die osoonlaag, die groenhuiseffek en uitwissing van woude kan slegs beperk of geheel voorkom word mits elke staat wat internasionale konvensies soos *UNCLOS* onderteken het aan die bepalings voldoen. Die rede waarom alle state hul moet verbind is dat besoedeling versprei deur water, wind en reën. Individue moet ingelig word ten aansien van die omgewingsknelpunte en moet betrek word om oplossings te vind vir byvoorbeeld besoedeling en die nalatigheid van die mens wat bydra tot die veroorsaking van die groenhuiseffek en globale verwarming.

Sosiale begrensings van die omgewingsreg soos byvoorbeeld handel en energie is nodig vir die voortbestaan en ontwikkeling van die mens. Daar moet egter gelet word dat ontwikkeling op 'n volhoubare wyse moet geskied ten einde te verseker dat menslike ontwikkeling ook moontlik sal wees vir toekomstige geslagte. Plaaslike regerings moet gemeenskappe inlig met betrekking tot son, hidro en windkrag. Dit is nie goedkoop om byvoorbeeld sonpanele aan te bring nie, maar op die lange duur sal dit goedkoper uitwerk om van sonkrag gebruik te maak as om vir eletrisiteit te betaal. Deur die aanwending van son, wind of hidrokrag sal daar ook nie giftige gasse in die atmosfeer vrygestel word nie, wat die omgewing se toestand sal verbeter en volhoubaarheid tot gevolg sal hê.

Die Suid-Afrikaanse *Grondwet* erken die reg op 'n gesonde omgewing in artikel 24, die reg op behuising in artikel 26 asook die reg op skoon water en sanitasie in artikel 27. Verder bepaal die *Grondwet* ook dat munisipaliteite die verpligting het om aan die gemeenskap 'n diens te lewer ten opsigte van onder andere sanitasie, water en 'n skoon omgewing. Individue moet bewus gemaak word van die verpligting wat die staat opgelê word ten opsigte van die burgers se fundamentele ern sosio-ekonomiese regte. Bewusmaking kan gedoen word deur pamflette te

versprei en plakkate aan te bring op openbare plekke soos landdroshowe en klinieke. Die plakkate kan by wyse van prente individue se regte illustreer wat tot gevolg sal hê dat ongeletterde mense ook hul regte besef. Gemeeskapleiers moet aangemoedig word om plaaslike gemeenskappe in te lig rondom hul regte met betrekking tot 'n skoon omgeweing, behuising en water en sanitasiegeriewe.

Suid-Afrika het omgewingswetgewing in werking gestel wat omvattend met omgewingsknelpunte te werk gaan. Die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998 (*NEMA*) bevat hoofsaaklik al die beginsels van Agenda 21 ten einde volhoubare ontwikkeling teweeg te bring Die *Wet op Lewende Mariene Hulpbronne* 18 van 1998 (*MLRA*) wat deur plaaslike regerings aan die kus gebruik kan word aangesien dit ook duidelik die regte en verpligtinge van vissersgemeenskappe uiteensit soos die kwota vis wat gevang mag word. Een van die oogmerke van die *MLRA* is juis om benadeelde vissermanne op gelyke vlak met alle vertakkings van die visbedryf te bring. Ander Suid-Afrikaanse wetgewing sluit onder andere meergebiede, landbou en bosbouwetgewing in. Plaaslike regerings moet NEMA se beginsels in hul besluite respekteer.

Plaaslike regerings is een van die instellings wat moet verseker dat Agenda 21 geïmplimenteer word. Implimentering moet plaasvind deurdat elke land 'n "Plaaslike Agenda 21"-plan op stel om by die spesifieke tipografie van elke plaaslike regering aanwending te vind. Die plaaslike regering van Mosselbaai sal byvoorbeeld ander beginsels van Agenda 21 toepas as die plaaslike regering van Hopetown. Suid-Afrika maak gebruik van *IDP* wat basies behels dat sosiale, ekonomiese en omgewingsknelpunte op 'n integrale wyse hanteer word. *Local Agenda 21* en *IDP* het beide ten doel om die lwensstandaarde van mense te bevorder, maar ook terselfdertyd die omgewing te bewaar. *IDP* is meer prakties uitvoerbaar aangesien 'n probleem geïdentifiseer word, oplossings gevind word en daar dan 'n gepaste oplossing verskaf word.

In Suid-Afrika het Durban metropool, die stad van Johannesburg, Pretoria metropool en Kaap metropool reeds in 1994 begin om "Plaaslike Agenda 21" te implimenteer en daar word gepoog om aan die Agenda 21-beginsels wat die meeste van toepassing is op elkeen van die bogenoemde munisipaliteite, uitvoering te gee. Hierdie vier stede moet inligting aan kleiner munisipaliteite verskaf wat sal verseker dat munisipaliteite met minder menslike hulpbronne vinnger 'n "Plaaslike Agenda 21" sal kan implimenteer wat voldoen aan elke munisipaliteit se spesiale behoeftes. Onder andere Kimberley, Thomahole en die Wilde Kus is 'n paar van die kleiner munisipaliteite wat ook reeds besig is om *Local Agenda 21*-beginsels in hul besluite te implementeer.

Volhoubare ontwikkeling begin by die verskaffing van onderrig aan individue en aanpassing van *IDP*-projekte. Al die belangegroepe binne plaaslike regerings moet interaktief betrokke wees by mekaar. Die sakesektor kan byvoorbeeld fondse bewillig aan die plaaslike gemeenskap om saad en tuigereedskap aan te koop ten einde 'n gemeenskapstuin aan te plant. Skole kan 'n stuk grond beskikbaar stel waarop skoliere se ouers die tuin kan aanplant. Sodoende word die grond bewerk en erosie voorkom. Lede van die gemeenskap wat die groente verkoop dra by tot ekonomiese ontwikkeling. Die verkoop van die groente dra by tot sosiale ontwikkeling deurdat werklose persone selfvertroue opbou.

Behuising kan deur plaaslike gemeenskappe bewerkstellig word deur die verskaffing van basiese opleiding ten opsigte van die bou van huise. Stene kan deur die gemeenskap geproduseer word en bouers uit die gemeenskap kan gebruik word om huise te bou.

Gemeenskappe moet aangemoedig word om hul eie inisiatief te bebruik deur byvoorbeeld huise van koeldrankblikkies en voertuigbande te bou.

Plaaslike regerings moet deur interaksie met die sakesektor, die jeug en die plaaslike gemeenskap oplossings vind of voorstelle aan die provinsiale regerings

voorlê om volhoubare ontwikkeling op plaaslike vlak te bewerkstellig. Besighede moet aangemoedig word om herwinningshouers voor of op 'n maklik bereikbare plek naby hul besighede aan te bring om sodoende glas, papier, plastiek en alluminium te herwin.

Plaaslike regerings moet met mekaar saamwerk om soortgelyke probleme wat ondervind word te probeer oplos of voorkom.

Verbruik van energie kan verminder word indien munisipaliteite daarop let om sodra dit lig word, straatligte af te sit. Waterbesparing kan teweeg gebring word deur die herstel van lekkende krane en waterpype.

Volhoubare ontwikkeling is nie alleen die verantwoordelikheid van die staat nie, maar ook van elke individuele aardbewoner van die jongste tot die oudste.

Die aarde kan alleen op 'n volhoubare wyse ontwikkel word indien elke mens met die aarde handel op 'n wyse waarop die toekomstige generasies trots sal wees en ook dankbaar.

**BIBLIOGRAFIE**

**1. Boeke**

Adede AO *International Environmental Law Digest* (Elsevier Science Publishers Amsterdam 1993).

Birnie PW en Boyle AE *International Law and the Environment* (Claredon Press Oxford 1992).

Burns Y *Administrative Law under the 1996 Constitution* (Butterworths Durban 1998).

Cotter B en Hannan K (red) *Our Community Our Future: A Guide to Local Agenda 21* (Common Wealth of Australia Melbourne 1999).

De Waal J, Currie I en Erasmus G *Bill of Rights Handbook* 4e uitg (Juta Lansdowne 2001).

Dugard J *International Law a South African Perspective* (Juta Kenwyn 1994).

Dupont RR, Baxter TE en Theodore L (reds) *Environmental Management* (Lewis Publishers New York 1998).

Ghatak S *Introduction to Development Economics* 3e uitg (Routledge Londen 1995).

Hallowes D (red) *Hidden Faces: Environment, Development, Justice: South Africa and the Global Context* (Earthlife Africa Scottsville 1993).

Hunter D, Salzman J en Dunwood Z *International Environmental Law and Policy* (Foundation Press New York 1998).

Ismail N, Bayat S en Meyer I *Local Government Management* (International Thomson Publishing Johannesburg 1997).

Kiss A en Shelton D *International Environmental Law* (Transnational Publishers New York 1991).

Lang W, Neuhold H en Zemanek K (reds) *Environmental Protection and International Law* (Graham & Trotman Londen 1991).

Malherbe EFJ en Rautenbach IM *Staatsreg* 2e uitg (Butterworths Durban 1996).

Marais JL (red) *Groen: Gedigte oor die Omgewing* (HAUM-Literêr Pretoria 1990).

Nanda VP *International Environmental Law and Policy* (Transnational Publishers New York 1995).

Odendal FF ea *HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (Perskor Midrand 1994).

Quarrie J (red) *Earth Summit 1992* (Regency Press Corporation Londen 1992).

Robinson NA (red) *Agenda 21: Earth's Action Plan* (Oceana Publications New York 1993).

Sand PH *Transnational Environmental Law* (Kluwer Law International Londen 1999).

Scheepers T *A Practical Guide to Law and Development* (Juta Kenwyn 2000).

Swanson T en Johnston S *Global Environmental Problems and International Environmental Agreements* (Edward Elgar Cheltenham 1999).

Thorton J en Beckwith S *Environmental Law* (Sweet & Maxwell Londen 1997).

Urquhart P en Atkinson D *A Pathway to Sustainability: Local Agenda 21 in South Africa* (UCT Environmental Evaluation Unit Kaapstad 2000).

Weiss EB, Szasz PC en Magraw DB *International Environmental Law: Basic Instruments and References* (Transnational Publishers New York 1992).

## 2. Wetgewing

*Behuisingswet* 107 van 1997.

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996.

*Meergebiede-ontwikkelingswet* 39 van 1975.

*Nasionale Wet op Bosse* 84 van 1998.

*Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande* 101 van 1998.

*Nasionale Waterwet* 36 van 1998.

*Wet op Bewaring van Landbou Hulpbronne* 43 van 1983.

*Wet op Lewende Mariene Hulpbronne* 18 van 1998.

*Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998.

*Wet op Plaaslike Regerings: Munisipale Stelsels* 32 van 1998.

*Wet op Plaaslike Regerings: Munisipale Strukture* 117 van 1998.

*Wet op Waterdienste* 108 van 1997.

**3. Hofsake**

*Minister of Public Works v Kyalami Ridge Environmental Association* 2001 3 SA 1151 (KH).

*Myburgh Park Langebaan (Pty) Ltd v Langebaan Municipality* 2001 4 SA 1144 (K).

*Silvermine Valley Coalition v Sybrand van der Spuy Boerderye en Ander* 2002 1 SA 478 (K).

**4. Koerantberigte**

De Lange L "Afvaardigings van meeste lande nog kom by WVO aan" *Beeld* 28 Augustus 2002 5.

Fitzpatrick M "Koepelhutte help haweloses dalk" *Beeld* 5 September 2002 5.

Van Tonder J "Armoede slaan kloue dieper in die land" Sake *Rapport* 5 Oktober 2001 1.

**5. Tydskrifartikels**

Leitch J "Pretoria progressing towards a sustainable city with Agenda 21" 2001 *IMIESA* 37-39.

Ebersohn D "Local Agenda 21 in schools – a partnership initiative" 2001 *IMIESA* 43.

**6. Internet**

Departement Omgewingsake en Toerisme http://www.environment.gov.co.za [Datum van gebruik 1 Jul 2003].

Departement Omgewingsake en Toerisme http://www.capetown.gov.za/airquil/default.asp [Datum van gebruik 1 Jul 2003].

Departement Omgewingsake en Toerime http://www.cma.gov.za/peh/issues.htm [Datum van gebruik 29 Sept 2001].

Departement Omgewingsake en Toerisme http://www.ceroi.net/reports/durban/response [Datum van gebruik 29 Sept 2001].

Departement Omgewingsake en Toerisme http://www.ceroi.net/reports/johannesburg/csoe [Datum van gebruik 29 Sept 2001].

ICLEI http://www.iclei.org/la21/cities/capetown.htm [Datum van gebruik 8 Sept 2001].

ICLEI http://www.iclei.org/la21/ascn/index.cfm [Datum van gebruik 8 Sept 2001].

ICLEI http://www.iclei.org/la21/ascn/index.cfm [Datum van gebruik 8 Sept 2001].